

SPIKE LEE

CASTRATING MALCOLM X

Neo-Nazis, 15-18

Afrikaans, 26

Vrye Weekblad ✓

27 NOVEMBER - 3 DESEMBER 1992 R3,00 (BTW INGESLUIT)

Vreesbevange
WWB-informant
stort ineen voor
Goldstone

Die weermag
grom vir die
regering

CANNIBALISM: 27
YOU ARE
WHAT YOU EAT

AROMATERAPIE:
RUIK JOUSELF REG

Skinheads in SA:

'n lelike ding steek nou kop uit

INHOUD N^o 202


Voorbladfoto: SALLY SHORKEND

5 Die Mosambiekse droster wat aan *VWB* vertel het dat hy in opdrag van die Veiligheidsmagte in Durban moes gaan moor het, het gister van vrees ineengestort toe hy getuienis voor 'n komitee van Goldstone moes gee

7 & 8 How Military Intelligence works. In the first of a two part series amateur mechanic **IVOR POWELL** puts his spanner into the MI works



15 - 18 Skinheads was tot dusver vir Suid-Afrikaners merendeels 'n oorsese verskynsel met groeiende getalle in Duitsland, Frankryk, Italië, Engeland en Amerika. Dié week het 'n laag Skinhead-geweld Duitsland en Italië getref. En toe gebeur dit ook hier: 'n Groep swartmense is verlede naweek in Yeoville deur Skinheads aangeval



28 & 29 Charles Fourie praat oor sy jongste toneelstuk, *Vrygrond*, wat onlangs die Amstel-toekenning vir die beste nuwe Suid-Afrikaanse teks gewen het

34 & 35 Spike Lee's new film *Malcolm X* has opened in America. Andrea Vinassa says he has turned the man into a wimp, Stuart Klawans from *The Nation* says Lee is educating America

Van die Redakteur se Lessenaar

NA aanleiding van 'n skalkse opmerking in 'n rubriek in die *Sunday Star* oor *Vrye Weekblad* se lae advertensie-inhoud, skryf ene SJ Erasmus van Verwoerdburg laasweek in 'n brief aan dié koerant waarin hy wil weet wie *VWB* se "private benefactors" is. "Why do they not reveal themselves? To my mind this makes Max du Preez nothing less than a paid agent of influence and his newspaper a propaganda mouthpiece for those unseen sponsors. Considering Max's vitriolic anti-government and anti-SADF stance, I have my suspicions about those sponsors," skryf Erasmus, en voeg sommer by dat hy/sy "regularly see piles of unsold issues on the racks in cafés and elsewhere".

Laaste punt eerste: Anders as meeste koerante, kan *VWB* nie bekostig om heelwat meer kopieë te druk as wat gewoonlik verkoop word nie. Dit beteken dat *VWB* by die meeste plekke uitverkoop word - ons hanteer elke week dosyne klagtes daaroor. En as ons sleg verkoop op 'n plek, dan verminder ons dadelik die getal koerante wat daar afgelewer word. So, my liewe heer/dame Erasmus, dié storië is uit die duim gesuig.

Oor die "private benefactors": Vir die soveelste keer, *Vrye Weekblad* het geldelike hulp van die Europese Gemeenskap gekry - openlik - om op die been te kom. Die EG het partye en regerings wat wissel van links tot liberaal tot konserwatief tot regs, dus selfs al sou hulle wou voorskryf wat *VWB* se lyn moes wees omdat hulle ons geldelik gehelp het, sou dit nie kon werk nie. *VWB* sou nooit sulke geld aanvaar nie.

Die waarheid is dat alle subsidies nou opgedroog het, en *VWB* is nou op sy eie. Ons kry baie swaar, maar ons oorleef, veral omdat ons die blad ongewoon goedkoop produseer en die verkoopprijs hoër is as enige ander koerant in Suid-Afrika.

Net moedswillige mense beweer *VWB* is 'n "propaganda-mondstuk" vir enigiemand. Lêés die blad, my liewe mens, en jy sal agterkom daar is geen geheime agenda, geen spesiale vriende, geen agteraf gekonkel nie.

What you see is what you get.

AKTUEEL

9 & 10 Thokoza violence: Strange days indeed
11 Jan Breytenbach oor ontevredenheid in die Weermag
12 Krygkor onder die vergrootglas
19 Hongersnood in Suid-Afrika

INTERNASIONAAL

14 'n Briefie uit Bosnië
Gewapende rowers teister Zimbabwe

GESONDHEID

30 Aromaterapie: reuk jousef reg

AGTERGROND

22 -23 Slawerny: In die naam van God

RUBRIEKE & MENINGS

3 Vrydagoggend saam met Max du Preez
4 & 14 Briewe van ons lesers
25 Brolloks en Tim Sandham se Sportrubriek
31 Christi speel pop
32 Plant 'n Boom & Nettie Pikeur
33 Klipoog oor dié week se TV

BOEKE & FIKSIE

26 Libertyn oor 'n vreemde intreerede
27 We are what we eat

KUNS & VERMAAK

20 & 21 Ivor Powell on the Situationist Ernest Pignon-Ernest
36 Charl Blignaut oor dié week se teater
37 Drie rolprentresensies

GIDSE

38 & 39 Watter movie wys waar
40 Vrye keuse

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).

WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:
Breesstraat 153, Newtown, Johannesburg.
POSADRES: Posbus 177, Newtown 2113.
TELEFOON: (011) 836-2151
FAKS: 838-5901.

PRETORIA-KANTOOR (012) 83-4879.

REDAKTEUR: Max du Preez
ASSISTENT-REDAKTEURS: Andrea Vinassa,
Ina van der Linde, Ivor Powell
POLITIEKE KORRESPONDENT: Hennie Serfontein
SUB-REDAKTEUR: Ryk Hattingh
KOPIEREDAKTEUR: Johannes Bruwer
WAARNEMENDE KUNSPREKANTOOR: Charl Blignaut
ONTWERP: Anton Sassenberg
VERSLAGGEWERS: Christelle Terreblanche, Pearlie Joubert, Esma Anderson, Wally Mbhele
OMGEWINGSKONSULTANT: Tienie du Plessis
REDAKSIE-ASSISTENT: Christi van der Westhuizen
FOTOREDAKTEUR: Sally Shorkend

FINANSIËLE BESTUURDER: Mark Beare
BESTUURDER (BEMARKING EN ADVERTENSIES): Lize van der Walt
ASSISTENT FINANSIËLE BESTUURDER: Louwrens Potgieter
KANTOOR-ASSISTENTE: Joseph Mostaesi, Vernon Zulu

so sê hulle

"Dit was nodig. Dit het egter duidelik geword dat onbehoorlike optrede, selfs misdad, in die proses aan al die kante gepleeg is en dat die grense van morele regverdigbaarheid oorskry is."

FW DE KLERK oor Militêre Intelligensie se aktiwiteite in die vorige tydvak van "ernstige konflik, terreur en politieke oortogvoering"

"Everybody he doesn't like is a Jew, including Lech Walesa and the pope."

Diplomat **AMI MEHL** of the Israeli Embassy in Warsaw, on Polish nationalist leader Boleslaw Tejkowski, who Polish authorities believe has been inciting skinheads to attack Jews

"It's someone Kohl from Germany."

An aide to President-elect Bill Clinton, when German Chancellor Helmut Kohl called to congratulate him

"Só sal die kaffer ook brand!"

'n AWB-lid voor die Durbanse stadsaal waar Ystergarde-lede vlae van die SAKP en ANC verbrand is kort voor 'n vergadering van Eugene TerreBlanche

"I couldn't kill a chicken before. But after what they did to me, I could pluck out their eyes with my bare hands."

Bosnian Muslim **FUAD DZAMASTAGIC**, on his abusive captors in a Serbian prison camp

"Dit gaan Johannesburg se naam Kimberley maak."

EDDIE VENTER, stadsraadslid van Johannesburg, oor dié raad se besluit om voortaan mense wat op busse rook met R2 000 te beboet

"They'll turn it into hors d'oeuvres for Deng Xiaoping, who, I'm told, eats four puppies a day."

Australian Foreign Minister **GARETH EVANS**, at a Hong Kong reception after colony Governor Chris Patten's pet dog was discovered missing



Dov Fedler in The Star

het jy geweet?

Op 'n afstand van 25,4 cm kan die menslike oog 'n voorwerp met 'n deursnee van honderd duisendstes van 'n millimeter onderskei. Maar roofvoëls soos arende se sigsvermoë is 8 tot 10 keer skerper. In goeie lig kan 'n arend 'n haas op 'n afstand van 3,2 km raaksien. Die swerfvalk kan 'n duif op 'n afstand van 8 km raaksien.

Radio-aktiewe bestraling dood nie alle kieme nie. Die bakterie *Micrococcus radiodurans* kan bestraling van tot 6,5 miljoen röntgen weerstaan - tien duisend keer die sterkte wat dodelik is vir die mens.

Engels is die taal met die grootste woordeskat - 490 000 woorde plus nog sowat 300 000 tegniese terme. Maar geen Engelssprekende gebruik waarskynlik 'n woordeskat van meer as 60 000 woorde nie.

vrydagoggend

met max du preez



Ons moet vrede maak met die geskiedenis

DIE Amerikaners het vanjaar 'n groot ophief gemaak van die 500e verjaardag van die "ontdekking" van die Amerikas deur Christopher Columbus in 1492.

Die reaksie van veral die Indiane was kwalik 'n verrassing: Beteken dit dat daar niemand gewoon het voordat die Europeërs daar aangekom het nie, of beteken dit dalk dat die mense wat daar was, nie juis as mense gereken word nie?

Die polemieë rondom Columbus is natuurlik nie uniek nie. Geslagte lank - en dit het nog nie heeltemal verdwyn nie - het wit Australiërs en Nieu-Seelanders geglo hul "geskiedenis" "begin" by die aankoms van die Europeërs, ook asof die land heeltemal onbewoon was voor die eerste wit gesigte daar geland het.

Dit bring ons by ons eie situasie. Ons "geskiedenis" het ook mos eers in 1652 "begin" toe eers die Portugese seevaarders en daarna Jan van Riebeeck aan die Kaap geland het.

Die inboorlinge van die Amerikas het skerp gekap na die viering van die Columbus-"ontdekking". Aanklagte soos volksmoord, slawerny, uitbuiting en verkragting van die omgewing is vryelik teen hom en dié wat na hom gekom het, gerig.

Dit is natuurlik nie onregverdigte aanklagte nie. Columbus self was 'n korrupte, onbeholpe administrateur van die eerste kolonies en onder hom het die eerste uitwissings van die inboorlinge begin.

Sy "ontdekking" het die begin van die einde beteken vir die kerngesonde groepe inboorlinge in Suid- en Noord-Amerika. Vyf eeue later is hul afstammeling die onder-klas van die lande van hul herkoms.

Dié verloop van die geskiedenis is herhaal in lande soos Australië en Nieu-Seeland.

SUID-AFRIKA verskil ietwat. Die oudste inboorlinge, die Boesman en die Khoi, het wel dieselfde lot as die inboorlinge elders gehad, maar die Bantoe-stamme wat hulle die laaste duisend jaar of so hier gevestig het, is vandag verreweg in die meerderheid - anders as in Australië en Amerika.

Maar die basiese argumente bly dieselfde. Alle inboorlinge hier, insluitende die Bantoe, is met geweld onderdruk, uitgebuit en verneder en vorm vandag die onder-klas van die nasate van die Europese setlaars.

Daar is 'n ou sê-ding onder swartmense dat hulle die grond gehad het en die wit setlaars die Bybel, en nou het die swartmense die Bybel en die witmense die grond. Dis nogal waar.

Dit is ongetwyfeld so dat wit Suid-Afrikaners van alle taalgroepe die laaste driehonderd jaar gemaak het asof dié land hulle s'n is en of die mense wat hier was toe hulle hier aangekom het, net deel van die landskap is en bloot bruikbaar is as goedkoop arbeid.

DIÉ EUROSENTRIESE HOUDING duur vandag voort. Daar is byvoorbeeld baie Afrikaners wat van Suid-Afrika praat as "ons land" en die swartmense as uitlanders sien.

Maar daar was die laaste tyd 'n stortvloed stemme wat teen dié soort houdings opgegaan het. Indiaan-aktiviste in die Amerikas en swart bewussynsgroepe hier by ons gebruik skerp taal wanneer daar oor die koloniale geskiedenis en oor "setlaars" gepraat word. Die PAC wens selfs vir elke setlaar 'n koeël toe.

Ek het al met heelwat sulke mense hier en in Amerika geargumenteer, en aan die einde van die gesprek vra ek hulle altyd: So wat wil julle nou hê? Moet dié mense teruggaan na waarvandaan hulle gekom het? Natuurlik is dit onmoontlik - in Amerika en Australië en hier.

Meer dis nie net omdat dit onmoontlik is dat ons moet wegkom van dié denke nie. Afrikaners is goeie voorbeelde daarvan dat alles nie so maklik definieerbaar is nie. Ons het self 'n geskiedenis waar ons die slagoffers van koloniale onderdrukking was, en met ons gemengde herkoms en totale verbintenis tot die land is ons nie in 'n veel ander posisie as swart Suid-Afrikaners nie. In 'n sin is hulle ook setlaars - toe hulle hier aangekom het, was die Khoi en die Boesmans reeds hier. En hulle was nie baie gaaf met dié inboorlinge nie.

ONS MOET VREDE MAAK met die geskiedenis. Geen nasie of volk of etniese groep het 'n skoon geskiedenis nie. (Vat maar die bloedlustige, imperialistiese Shaka van die Zoeloes as 'n voorbeeld.) En die geskiedenis kan nie ongedaan gemaak word nie. Dit was boonop onvermydelik dat die Europeërs die Amerikas sou "ontdek" - as dit nie in 1492 gebeur het nie, sou dit in elk geval later gebeur het. En hulle sou in elk geval daarheen gestroom het, want dit was 'n ryk, yl-bevolkte land. Dieselde geld Suid-Afrika en Australië.

Eerder as om mekaar aan te gluur oor die onregte van driehonderd jaar gelede, moet ons - die "setlaars" en die "inboorlinge" - mekaar in die oë kyk en vra wat maak ons nou met dié land wat ons nou deel.

Maar dit sal beteken dat wit Suid-Afrikaners heelwat meer begrip sal moet toon vir die ongelukkigheid in swart gelede oor die feit dat hulle kultuur afgeskep is, dat hulle so lank onderdruk en agtergehou is en dat hulle vandag nog derdeklas-burgers in hul land van herkoms is.

BRIEWE

BELASTINGBETALERS IN OPSTAND TEEN KORRUPTIE

**"BELASTINGBETALERS" VAN
PRETORIA SKRYF 'N
OPE BRIEF AAN STAATSPRESIDENT
FW DE KLERK:**

Die regering van die Republiek van Suid-Afrika word aangestel deur die burgers om om te sien na die belange van die land en sy bevolking. Die regering word dan ook toevertrou met die finansiële bestuur van die owerheid ten einde toe te sien dat die infrastruktuur van die land behou en verbeter word, tot voordeel van die bevolking. Van die bevolking word dan ook verwag om, in die vorm van belasting, 'n finansiële bydrae tot die staatsbestel te lewer ten einde hierdie sosiale, juridiese, ekonomiese en opvoedkundige ontwikkeling moontlik te maak. Hierdie finansiële bydrae deur die landsburgers word in goeie trou gemaak en met die veronderstelling dat die aanwending daarvan korrek, billik, regverdig en verantwoordbaar sal geskied.

Wanneer dit blyk, soos tans die geval is, dat die staatsbesteding op 'n onbeheerste, ongekontroleerde, korrupte en laakbare wyse geskied, is dit sekerlik die reg van die burgers om die regering tot verantwoording te roep en ook om sodanige bydraes te staak tot tyd en wyl dit blyk dat die staat weer sy vertrouensplig nakom.

Tans is dit die geval in die Republiek van Suid-Afrika, en elders, dat staatsfondse, wat in wese bestaan uit die bydraes van die landsburgers, wanaangewend, verduister, gesteel en wanbestuur word.

Daar kan ongelukkig vertrou word dat u oor veel meer kennis hiervan sal beskik as 'n blote lid van die bevolking, en derhalwe word dit nie nodig geag om hier 'n ellelange lys van voorbeelde van sulke gevalle saam te stel nie. Daar kan egter volstaan word deur op rekord te plaas dat bittermin van die hande wat staatsfondse hanteer, skoon is.

Waar dit vir die belastingbetalende persone nie meer eties, moreel of andersins regverdigbaar blyk te wees om enigsens by te dra tot die staatsfondse, deur middel van persoonlike belasting, word daar derhalwe hier en nou duidelik gestel dat indien die Republiek van Suid-Afrika nie teen 7 Desember 1992 deur die regering van die Republiek verantwoordelik en korrek regeer word nie, belastingbetalers nie meer hul weg sal kan oopsien om verdere bydraes deur middel van persoonlike belasting te maak nie.

Dit dien duidelik gestel te word dat dié skrywe gerig word in die belang van die land en sy bevolking, wie ten volle verstaan die aard en inhoud asook die doel van die belastingplig wat op hulle rus. Die bevolking verstaan egter ook - en spreek dit nou uit - dat in die geval waar die regering en sy amptenare nie langer eerbaar optree nie, en die goeie trou in hulle geplaas op laakbare wyse breek, daar geen ander keuse is behalwe om die regering te weerhou daarvan om staatsfondse te mors op die maklikste

manier denkbaar: die nie-beskikbaarstelling van geld om te mors.

Hoewel die staat die reg verkry om belasting te hef deur middel van statuut, is die bedoeling van die wetgewing tog sekerlik dat u reg tot sodanige belastingheffing onderhewig is aan die korrekte besteding van sodanige geïnde belasting.

Deur die regering se huidige besteding is dit tog duidelik dat u reg op sodanige belastingheffing verval het.

Ten einde die regering derhalwe geregtig te maak op belasting, moet die regering, na aanleiding van die bewese wanbesteding, aan die volk demonstreer dat hul op 'n korrekte basis belastinggeld sal aanwend, alvorens hulle weer die reg kan verkry om belasting te in.

Dit word van u as die staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika verwag om die onderneming te gee dat dié land teen 1 Desember 1992 en voortaan regeer sal word op 'n wyse soos bedoel deur die vertrouensplig aan u opgedra deur die bevolking. Indien dié onderneming nie binne 7 dae gegee kan word nie, sal aanvaar word dat u by onmag is om sodanige korrekte besteding te kan demonstreer en derhalwe deur u nalate by noodwendigheid nie geregtig is op enige vorm van belastingheffing nie.

LOJALITEIT IS MORSDOOD STAATSAMPTENAAR VAN

PRETORIA SKRYF:
Suid-Afrika het fullblown Aids! Hierdie land van ons is reeds verby die HIV-positief stadium.

Ek dink, nee ek weet, baie van my thirty-something vriende en andere het tot by die punt gekom waar ons sê, nou's ek gatvol! My lojaliteit, verdraagsaamheid en mate van respek vir die regime van Suid-Afrika is so dood soos 'n persoon wat met 'n AK-47 geblaas is. In enige ander demokrasie sou skandale soos wat daaglik in Suid-Afrika ontbloeit word, nie lank staan nie. Hoeveel Britse parlementslede moes nie al hul sambreel en handskoene vat en loop nie omdat hulle "affairs" gehad het.

Hier by ons trek ministers hulle skouers op en wys krom vingers na almal en als as hulle met korrupsie van letterlik miljoene rande gekonfronteer word. Min Jacob de Villiers sê hy kan nie vir die gemors in Lebowa verantwoordelik gehou word nie. Ramodike sê nee, dit is die Suid-Afrikaanse regering se skuld. Wie betaal aan die einde van die dag vir dié soort van politieke plakkerskampe. Ja, sit dit maar op die rekening van die belastingbetaler!

Elke dag hoor en lees ons die staat het nie genoeg geld vir onderwys, gesondheidsdienste, maatskaplike en sosiale dienste en veral vir ons senior burgers nie, maar miljoene moet afgeskryf word omdat dit op bodemlose ashope gestrooi word en 'n paar individue hulself in baie gevalle verryk.

Aan die einde van die dag is dit maar net weer die belastingbetaler, asof ons nie genoeg aan persoonlike belasting betaal nie, wat gemelk word met voortdurende

prysstygings, verhoogde petrolpryse en die verhoogde BTW wat vir volgende jaar beplan word.

Die regime moet glad nie verbaas wees as ons die dag by 'n verkiesing kom en die meerderheid van die gemiddelde blanke Suid-Afrikaner stem nie vir die NP nie. Politici moet eerder in hul kiesafdelings met hul kiesers gaan gesels as om gedurig oorseer rond te voeter, kommissies van ondersoek aan te stel en niksseggende persverklarings uit te reik. Gaan leer bietjie by die ANC wat grassroots-politiek beteken. Ek dink daar wag 'n moerse surprise vir baie, as hulle sou gaan luister wat hul kiesers te sê het.

BID DAT DIE MANNE VAL

**CHRISTINA LANDMAN VAN
VERWOERDBURG SKRYF:**

Vroue was lede van die WCRP (die nou bekende World Conference on Religion and Peace) sedert dit in Suid-Afrika gestig is. Toe die WCRP egter begin het om die nou ook bekende Declaration on Religious Rights and Responsibilities op te stel, is geen vroue toegelaat om daaraan meete werk nie, in elk geval geen godsdiensteministe nie. Na die Declaration opgestel is, het vroue by besprekings kritiese vrae daarvoor begin vra. Hulle het byvoorbeeld gevra of die reg van 'n godsdiensteministe om sigself te propageer, ook toegestaan sal word aan godsdienste wat vroue nie in hul dienste toelaat nie of vroue nie toelaat om leiers in die bepaalde godsdienste te wees nie.

Sulke vrae het uiteindelik daartoe gelei dat geen godsdiensteministe toegelaat is om die konferensie by te woon wat dié week gehou is om die Declaration te finaliseer nie. Na herhaalde navraag het die organiseerders my uiteindelik teensinnig toegelaat om, "as ek tyd het", nou en dan 'n bietjie in te loer.

Op die konferensie was dit gou duidelik waarom (feitlik) geen vroue toegelaat is nie. Die organiseerders wou nie hê dat godsdiensteministe wat sterk vir die tradisionele plek van vroue in godsdienste voel, moet uitstap net omdat oor vroue-regte gepraat word nie. Op die konferensie is daar uiteindelik 'n resoluë aanvaar dat godsdienste selfkrities moet wees oor diskriminasie ten opsigte van geslag en ras. Oor ras het niemand (gelukkig) 'n probleem gehad nie. Maar vroue was 'n ander saak. Daar is byvoorbeeld in 'n subgroep aangevoer dat God aan vroue 'n plek gegee het en dat vroue daarmee tevrede is. Daar is gesê dat vroue wat ontevrede is met die plek wat deur die godsdienste aan hulle toegeken word, in die minderheid is. Iemand het selfs gesê as vroue nie gelukkig is met 'n bepaalde godsdienste nie, hulle gerus maar 'n ander kan soek. Dit was vir die manlike godsdienstige leiers uiteindelik geen probleem om 'n besluit te aanvaar dat daar geen diskriminasie teen vroue binne 'n bepaalde godsdienstige oortuiging sal wees nie: hulle sien eenvoudig geen diskriminasie teen vroue in nie.

Sommige van die organiseerders van dié konferensie het onlangs in VWB 'n oproep gedoen dat ons moet bid vir die val van die regering (VWB 20-26 Nov). Ek ondersteun hulle hierin. Ek is, om die waarheid te sê, so geïnspireer deur hulle insigte in sosiale geregtigheid dat ek hier 'n oproep wil doen dat ons moet bid vir die val van manlike godsdienste. Want God alleen kan ons daarteen beskerm. Die

Declaration wil nie. Ter wille van konsensus onder godsdienstige leiers, het hulle doelbewus besluit om vroue te offer.

Al wat oorbly is dat die Declaration sy ware naam moet dra: The Declaration of Male Religious Rights.

LASTERLIKE BRIEF

**TONY VAN DYK VAN
JEPPESTOWN SKRYF:**

As een van VWB se heel eerste lesers wil ek graag reageer op Herman Lategan van Groenpunt se brief (VWB 12-19 Nov), waarin hy die angswekkende verklaring maak dat hy nie in God glo nie. Hoewel ateïstiese stellings van dié aard na regte 'n breedvoerige antwoord (en getuienis) verg, kortliks net die volgende:

Eerstens: Hoe rym dit dat Lategan so graag 'n film wil gaan sien van iemand waarin hy nie eens glo nie? Leer om God beter te ken, dan sal jy met blydskap besef hoe groot Hy is. Golgota was nie verniet nie, maar vir elke sondaar van ons. Sonder God bestaan ons net, ons leef dan nie werklik nie.

Tweedens: Dit was skokkend en hartseer om te lees dat VWB so 'n brief kon publiseer wat opreg lasterlik is vir alle belydende Christene. As 'n openbare Afrikaanse publikasie het VWB tog seker 'n morele verantwoordelikheid aan al sy lesers. Sulke briewe word doodeenvoudig net nie gepubliseer nie. Vryheid van spraak of publikasie kan nooit absoluut wees nie, ongeag hoe "mooi" die motiverings daarvan. VWB skuld al sy lesers dus 'n daadwerklike en ondubbelsinnige verskoning. Niks minders nie. (Ek sal ook graag wil verneem wat die redaksie van VWB se geloofsoortuiging is.)

Derdens: Die ganse wêreld stuur op 'n ramp af. Die grootste oorsaak hiervan is geestelike verval in al sy fasette, Sabbatsontheiliging, noem maar op. Wat ons land en die wêreld dus nodig het, is herlewering en nie afvalligheid nie. Die ontkenning van die Waarheid deur 'n nietige mens kan dit nooit ongeldig verklaar nie.

Ten laaste, en die belangrikste dan: Ons moet tesame bid vir mense soos Lategan aangesien hy dringend hulp, en nie verwerping nie, nodig het.

(VWB glo in godsdienstivryheid. Daar is heelwat mense in die wêreld wat hulself as atekste beskou, en hulle moet ook dié vryheid kan hê. As ons geweter het om Herman Lategan se brief te plaas, sou dit nie van hom 'n Christen gemaak het nie. 'n Probleem gaan nie weg as 'n mens dit ignoreer nie. Ons kan nie inligting oor mense se geloofsoortuiginge van ons lesers - onder hulle tel Christene, Moslems, Jode en Hindoes - weerhou net omdat dit van hulle verskil nie. As die brief godslasterlik was, sou ons met ander oë daarna gekyk het. - Red)

NOG BRIEWE OP BLADSY 24

**Briewe korter as 300
woorde geniet voorkeur.**

Rig briewe aan:
Die Brieweredakteur VWB
Posbus 177 Newtown 2113

Getuie stort ineen

WVB-informant vrees vir sy lewe

Die Mosambiekse weermag-droster wie se verhaal in Vrye Weekblad tot die ontbloting van 'n geheime operasie van Militêre Intelligensie gelei het, het gister dramaties uit vrees vir vergelding ineengestort toe hy deur 'n komitee van die Goldstone-kommissie uitgevra is. **MAX DU PREEZ** berig

VIR die eerste uur of so het Joao Alberto Cuna vrae deur die Wise-komitee van die Goldstone-kommissie oënskynlik gemaklik geantwoord. Maar toe adv Tory Pretorius vrae oor dele van sy verhaal aan hom begin stel, het Cuna skielik sy kop laat hang, bot na sy hande gekyk en geweier om iets te sê.

Cuna, volgens die Weermag 'n agent van Militêre Intelligensie vir 'n tydperk verlede jaar, het later in trane aan Pretorius gesê hy vrees vir sy lewe en wil nie meer getuig nie.

Ná sy storie in VWB verskyn het, het ondersoekers van die Goldstone-kommissie sy spoor na Durban gevolg en deur te bepaal wie vir sy hotelverblyf betaal het, is vasgestel dat die berugte BSB-agent Ferdi Barnard in diens van die weermag was en vir 'n geheime operasie met die naam Koverte Insameling gewerk het.

Cuna het gister aan die komitee van adv RM Wise gesê hy is deur Eugene Riley, intussen geïdentifiseer as een van Barnard se agente, en 'n man met die naam Frank gewerf. Riley was 'n vriend van sy werkgewer se seun, Boy Schultz, wat volgens Cuna 'n polisieman was. Riley het hom ook as 'n polisieman voorgestel.

RILEY EN FRANK het hom na die Hotel Johannesburg Sun gebring waar hy ses of sewe wit mans, drie van hulle Portugeessprekend, ontmoet het.

Hulle wou hê hy moet hulle help om ANC-wapens op te spoor, en het hom laat verlede jaar per motor na Durban gebring. Hulle het die motor by 'n gebou geparkeer en twee wit mans in 'n bruin kombi met donker vensters ontmoet. Hulle is met die kombi na 'n township buite Durban, waar hulle 'n Portugeessprekende man by 'n huis ontmoet het. Hy het vir Riley 'n plastieksak met drie AK47-gewere gegee. Hulle het dit in hul motor gelaai en Pietermaritzburg toe gery. Riley het vir die hotelverblyf betaal, en die volgende dag is hulle terug na Johannesburg, het Cuna getuig.

Toe Pretorius vir Cuna vra of hy ooit weer werk vir Riley en Frank gedoen het, het Cuna die eerste keer vrees getoon.

Pretorius: Het hulle ooit vir jou 'n bandopnemer gegee?

Cuna: Nee.

Pretorius: Het hulle gesê hulle gaan vir jou 'n bandopnemer gee?

Cuna: Ja.

OP PRETORIUS SE verdere vrae of hy op die ANC moes spioeneer en wat hy met die bandopnemer moes maak, het Cuna net sy kop laat sak en geweier om te antwoord. Hy was duidelik ontsteld.

Cuna het verder vertel dat hy toe by die Coffee Society in Yeoville gaan werk het. 'n Ruk later het sy werkgewer, aan wie hy vertel het wat hy gedoen het, hom na VWB se kantore gebring.

Cuna sê daar het hy sy storie aan verslaggewer Pearl Joubert vertel. Op vroeë oor wat hy vertel het, het Cuna gesê net dieselfde as wat hy tot dusver vir die komitee vertel het.

Cuna het destyds in 'n lang beëdigde verklaring in besonderhede vertel hoe hy gewerf is, na Durban gebring is en daar teen vergoeding 'n huis vol ANC-aktiviste platgeskiet het. Voor die komitee gister het hy gesê hy het wel die verklaring geteken, maar hy weet nie mooi wat daarin staan nie.


Cuna het op Pretorius se vrae bevestig dat hy, Joubert, maj Frank Dutton van die Goldstone-kommissie se ondersoek-span en nog 'n polisieman na Pretoria gery het "om na 'n gebou te soek".

Hier het Cuna duidelik weer angsbevange geraak en eers geweier om te antwoord, maar op verdere vrae gesê dit was 'n gebou waarheen Riley en Frank hom gebring het voor hulle Durban toe is.

Die Vrydag ná hy sy verhaal aan VWB vertel het, sê Cuna, het die polisie by hom aangekom en hom gevra wat hy by die koerant gemaak het. Hy is weer die volgende week ondervra, waarna die polisie hom aan die Goldstone-kommissie oorhandig het, het hy gesê.

Die polisiemanne van John Vorsterplein wat hom ondervra het, was ook gister by die komitee se sitting teenwoordig.

In dié stadium het dit gelyk of Cuna gaan ineenstort en het hy geen vrae meer



beantwoord nie. Pretorius het aan hom gevra: "Is jy bang of bekommerd? Is jy bang vir iemand in die komiteekamer?"

Cuna het nie geantwoord nie, waarop Pretorius vir 'n verdaging gevra het.

Ná die verdaging het adv Wise gesê daar is "ernstige probleme". Wise het gesê Cuna het aan Pretorius gesê hy is "extremely afraid" en wil nie langer getuig nie. Later het hy ingestem om in 'n geslote hof verder te getuig.

WISE HET DIE SITTING toe verdaag om privaat met Cuna te beraadslaag en vas te stel vir wie hy bang is en waarom. Hy het gesê hy sal daarna kan besluit of die getuienis in 'n ope hof moet voortgaan, en

of dit in camera aangebied sal moet word. Hy is nie ten gunste van 'n geslote sitting nie, maar Cuna vrees dat iets met hom sal gebeur en dalk is dit die enigste manier waarop daar by die waarheid uitgekome kan word, het Wise gesê.

Wise sal vanoggend (Vrydag) sy reëling bekend maak.

VWB is by die sitting verteenwoordig deur Azhar Cachalia en Norman Manoim van die firma Cheadle, Thompson en Haysom. Daar is ook 'n hele bank vol regslui wat onder meer die polisie, die weermag, Riley en Ferdi Barnard verteenwoordig.

Volgens Wise het Cuna vir 'n regsverteenvoorder gevra.

'n Joker of 'n Skoppensboer?

'n Vuurwerkvertoning, 'n gekkespul, 'n sirkus. So is die Webster-ondersoek in camera die laaste twee weke bestempel. Maar hoe sal mens weet, wonder **CHRISTELLE TERREBLANCHE** oor 'n potjie kaarte

"WAAR'S die joker?" vra 'n verveelde joernalis wat vir die soveelste dag buite hof 4F in die Randse Hooggeregshof sit en kaartspeel terwyl almal wag op die "krieseltjies" inligting wat dalk van die tienstuks regsverteenvoerders binne die hofsaal geas kan word.

Net toe kom 'n paar advokate uit die hof vir hul teepouse. "Ek weet nie," sê die een droogweg. "Maar ek kan vir jou sê ons het 'n joker daar in die hof."

Hy verwys na Joe Verster, hoofbestuurder van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB), wat die laaste week agter geslote deure getuig oor bewerings dat die BSB by Webster se dood betrokke sou wees.

Die dosyn of wat joernaliste is nie die enigste gefrustreerdes nie. Uit die paar stukke getranskribeerde getuienis van Verster blyk dit duidelik dat hy dikwels onsamehangend en deurmekaar praat en homself weerspreek. "Waffle op goeie Afrikaans," noem een dit. 'n Regsverteenvoerder het Verster se getuienis dié week as 'n "free-for-all fireworks display" genoem.

Dat die transkripsies eers 'n week later uitgereik word, maak dit vir joernaliste bykans onmoontlik om verslag te doen - en vir die regspanne moeilik om hul kruisverhoor voor te berei.

Die in camera-verhoor maak 'n sirkus van die ondersoek, sê 'n Amerikaanse regsgeleerde dié week buite die hof. Later verduidelik 'n Kanadese joernalis dat die onderskeie joernaliste in sy land elkeen 'n prokureur sou huur om die hofverrigtinge te vertraag totdat die deure vir die media en die publiek oopgegooi word. Verster is die vyfde getuie wat tot dusver in die vyf weke lange soeke na waarheid agter geslote deure mag getuig.

Die beeld van 'n "teater van die absurde", waarin die media en publiek buitein afgawing sit terwyl vroeë binne die hof ontwyk word, is dramaties onderstreep deur die onverwagte verskyning Woensdag van Adèle van der Spuy, voorsitter van 'n landwyse belastingbetaler-vereniging. Sy is ook die voormalige eggenoot van 'n regter en stigter van die Bond Party en Merit Party.

Sy stoot die hofsaal se deur toe sommer oop en stap in. "Hulle sluit nie eens die deure vir my nie," koer sy oor haar skouer aan die verstomde mediamense.

Toe sy oomblikke later deur 'n paar verdwaaste regsverteenvoerders uitgelei word, begin sy daarop aandring om getuienis te lewer. Die hofverrigtinge is 'n gekkespul, sê sy - en die regering én toekomstige regering is 'n klomp poefters en moffies. Eers toe sy versker is van 'n afspraak met die regter, vertrek sy.

VERLEDE VRYDAG en Maandag het die buitelandse televisiespanne nog hoopvol buite die Hooggeregshof in die Johannesburgse middestad gestaan en wag vir Verster se aankoms. Maar teen Dinsdag het almal moed opgegee. Dit was duidelik dat uitsonderlike reëlins getref is om die berugte BSB-baas se identiteit so dig te hou soos die geheime van sy buro se

bedrywighede.

Maar anders as met die Harms-kommissie van ondersoek na vermeende staatsondersteunde moorde, kan Verster dié keer nie met vermomming wegkom nie. Hy word glo soggens in die parkeerterrein onder die Hooggeregshof en teen die brandtrappe op na die vierde vloer begelei. Die nuushonger media het bespiegel dat hy op die grondvloer deur 'n openbare ruimte moet koes voor hy die trappe na die regter se kamer agter die hofsaal aandurf. Maar g'n arendsoog kon die laaste week sy ses-voet-een figuur met breë skouers, donkerblonde hare en baard, snor en bril raaksien nie. Mag sy bure darem weet hoe hy lyk? het die verveelde joernaliste gewonder.

KRAGTENS 'n geskrewe versoek van Verster, wat nie aan die media uitgereik is nie, het regter MS Stegmann gelas dat die hof soos met 'n paar vroeëre getuies in camera sal sit. "Die rede daarvoor is die beskerming van die voorkoms van mnr Verster. Daar is reeds gelas dat geen foto of skets van hom gepubliseer mag word nie. Sy getuienis sal egter gepubliseer word."

Tot dusver is min van dié getuienis aan die media bekend gemaak. Vroeg dié week was daar 'n herrie oor 'n berig in die *Sunday Times*, gegrond op 'n bandopname van die eerste dag se getuienis. Volgens die berig sou Verster genl Magnus Malan, voormalige minister van Verdediging, ingelig het oor gerugte dat 'n voormalige BSB-lid in wording, Ferdi Barnard, by die moord op Webster betrokke sou wees. Malan en Staatspresident FW De Klerk het dadelik in verklarings ontken dat Malan in kennis gestel was. Teen Maandag het Verster se advokaat, Jurie Wessels, ook ontken dat Verster ooit so iets in die hof geïmpliseer het.

Maandag het die regter egter afkeurend verwys na mense in hoë posisies wat kommentaar lewer voor 'n uitspraak van die hof. Toe die transkripsies Dinsdag uitgereik word, was dit duidelik dat Verster dit wél gesê het. So onsamehangend is sy getuienis dat 'n mens moeilik uit die teks kon agterkom of hy dit later teruggetrek het. Wessels het egter later by navraag bevestig Verster het dit gesê en homself nie weerspreek nie.

Dit is duidelik dat elke joernalis wat oor die drupsgewyse lekkasies uit die hof skryf, in die pekel sal beland. Uiteraard word die lekseltjies inligting buite verband opgeblaas of weergegee. Hoe sal mens weet?

Regsverteenvoerders doen hul bes om 'n kompromie te vind vir die media. Maandag is 'n hospitaalskerm ingebring om om Verster te span. Maar toe gelas die regter op Verster se aandrang dat dit te klein en te laag is - die pers in die boonste galery sal wel Verster se gesig kan sien. Van nóg 'n idee, om luidsprekers buite die hofsaal aan te bring, het teen Donderdag nog niks gekom nie.

Intussen sit die verslaggewers maar buite die saal en kaartspeel en wag.



Ferdi Barnard... het die ontmoeting tussen Verster en De Kock gereël

Eugene de Kock... bereid om inligting te verskaf oor lede van die polisie en weermag wat betrokke is in sogenaamde Derde Mag-bydrywighede

'n Internasionale BSB?

Getuienis gaan na verwagting in die komende week of wat in die Randse Hooggeregshof na vore kom in die geregtelike doodsondersoek na die moord in 1989 op menseregte-aktivis, dr David Webster, dat die BSB en ander koverte magte besig is om hulself verder te privatiseer in 'n internasionale frontmaatskappy. **CHRISTELLE TERREBLANCHE** kyk na die beskikbare getuienis.

JOE VERSTER, hoofbestuurder van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB), het in die afgelope twee maande 'n ontmoeting by Midrand gehad met maj Eugene de Kock, die bevelvoerder van Vlakplaas. Die ontmoeting sou na bewering handel oor 'n plan van Verster om 'n internasionale maatskappy te stig om as nuwe "front-organisasie" vir die BSB te dien.

Die BSB is in 1988 van sy formele weermag-bande losgemaak. Na die Harms-kommissie se uitspraak in 1990, is opdrag uit owerheidsweë gegee dat die BSB ontbind, 'n proses wat steeds aan die gang is.

Die ontmoeting is glo gereël deur Ferdi Barnard, voormalige lid van die BSB en oud-polisieman, wie se naam die afgelope week gekoppel is aan klandestiene bedrywighede van Militêre Intelligensie (MI), onder die naam van die Direkoraat van Koverte Insameling.

Dié stelling is Woensdag in die Randse Hooggeregshof aan Verster gemaak deur Barnard se regsverteenvoerder, Peet du Plessis, 'n Johannesburgse prokureur.

Verster het erken dat so 'n ontmoeting met De Kock plaasgevind het, maar het die besonderhede van die totstandkoming van so 'n maatskappy ontken. Hy sou bloot gesê het dat hy en De Kock "besigheid gepraat" het.

Du Plessis, wat ook vir voormalige BSB Streek Ses-lede, Calla Botha en "Slang" van Zyl optree, het aangevoer dat Verster vir Barnard gevra het om die ontmoeting te reël sodat hy die registrasie van 'n internasionale maatskappy met hom kon bespreek. Volgens Du Plessis sou R100 miljoen daarvoor beskikbaar wees. Die stigting van satelliet-maatskappye sal dan aangemoedig word, terwyl elkeen 'n sekuriteitsafdeling sou vestig, waardeur elke maatskappy dan wettiglik bewapen sou kon word. Die idee sou wees dat indien 'n toekomstige regering met die veiligheidsinstellings sou "peuter", hy hom in 'n "weermag" in die vorm van die maatskappy sou vasloop.


IN 'N BERIG in *Weekly Mail* het De Kock na bewering volgens hoogs-geheime dokumente van Militêre Intelligensie vroeër vandeemaand aan die Randse Hooggeregshof gesê hy is bereid om inligting te verskaf oor lede van die polisie en weermag wat betrokke is in sogenaamde Derde Mag-bydrywighede. In ruil vir dié inligting wil De Kock politieke vrywaring kry.

Die inligting is vervat in dokumente wat ingehandig is in die ondersoek na die moord in Februarie verlede jaar op die menseregte prokureur, Bheki Mlangeni. Volgens *Weekly Mail* se inligting sou De Kock saam met 'n bende ander polisiemanne en voormalige militêre agente 'n regsgeinde operasie beheer het om die ANC en sy ondersteuners te destabiliseer. Daar sou bewyse wees dat polisiemanne van De Kock se eenheid by Vlakplaas 'n maatskappy genaamd Badger Security gebruik as 'n front om met mekaar te kommunikeer deur middel van 'n pager-diens.

Verster was van verlede Vrydag af in die getuiebanc in die formele doodsondersoek na die Webstermoord in 1989. Die getuienis en kruisverhoor is op Verster se versoek agter geslote deure aangehoor ten einde sy identiteit te beskerm.

Barnard sal na verwagting binne die volgende twee weke oor die organisering van die ontmoeting tussen Verster en De Kock getuig.

How Military Intelligence Works



The Large Glass by Marcel Duchamp

In the first of a two part series amateur mechanic **IVOR POWELL** puts his spanner into the MI works

THE SADF emerged during the 1980s as the South African state's pre-eminent intelligence base, and has grown since that to become the vast and, if State President FW de Klerk and his cabinet are to be believed, unmanageable machinery that it is today.

Prior to the late 1970s and early 1980s the role of suppressing, infiltrating and investigating perceived internal political threats to the South African state had fallen largely on the shoulders of the Special Branch of the South African Police and the Bureau of State Security.

However with the rise to power of former Prime Minister and later State President PW Botha, the old SAP and Boss structures were downgraded and superseded by the SADF and to a lesser extent the National Intelligence Service. Such shifts in the balance of power within the Security Forces can be closely linked to internal intrigues and the consolidation of Botha's hold on power through the strengthening of his own power base, which was strongly rooted in the military and the incumbent's past as Minister of Defence. It is a familiar and more or less cyclical process that leaders of state should protect themselves in this way, and when in the late 1980s, present State President FW de Klerk began - working closely with the newlook nationalists of the Broederbond, the HSRC and business interests - to dislodge the Groot Krokodil, there was a marked and corresponding rise in the power wielded by the National Intelligence Services.

However, the Military, firmly embedded in the State Security Council, the Joint Management System and various other shadowy organs of state, proved too powerfully entrenched to be winkled out of power, and instead, accommodations were made - leading it appears, to a system of joint control in which both the NIS and the SADF played a powerful roles. De Klerk's version of these events, frequently pulled out at diplomatic and other confidential

briefings, is that the purpose of his assimilation of Military Structures into his own security system was in order to exercise some control on what his predecessor had created as a rampant octopus of security mania.

VARIOUS ACCOUNTS have been given to the effect that some time in 1988 then NIS chief Niel Barnard presented a paper to the secretariat of the National Security Council out of which a two-pronged strategy emerged which has since allegedly guided the both the state's negotiators and its secret services. In terms of this strategy - it is also the underlying strategy of the alleged Operations Thunderstorm and Springbok - the ANC would be unbanned and a process of political change would be instituted through negotiations. But at the same time a destabilisation would be effected both politically and in covert ways, militarily, against the ANC and other political opponents.

The import of revelations earlier this year in connection with so-called operations Thunderstorm and Springbok was to the effect that control of alleged destabilisation strategies against the ANC and other political opponents was to be vested in two ways: executive authority would reside in the structures of the SADF's Department of Military Intelligence, but the process would be overseen and strategically masterminded by the NIS.

Included in the alleged strategy was the use of not only covert intelligence agencies in order to weaken, discredit and even eliminate opponents, but also the mobilisation and covert sponsorship of groupings, particularly Inkatha, in a war against the state's political enemy, the ANC.

Such strategies fall clearly within the ambit of the theory of low intensity conflict refined in various colonial-type situations since the Second World War. In terms of the theory, which has dominated, among others, US covert foreign policy in recent

decades, a colonial power can only win wars of liberation by simultaneously winning "hearts and minds" through propaganda and disinformation, and covertly destabilising by targeted assassinations, acts of sabotage, etc, and especially by mobilising existing tensions in order to produce self perpetuating conflict. It is worth noting that among other SADF brass, former Defence Minister Magnus Malan studied at American universities where the theory brought to its refinement.

There is another element of LIC theory which also appears to have been used in the South African situation, namely the privatisation of covert action. In 1978, when PW Botha assumed power, a process was set in motion whereby the secret services were systematically privatised and distanced from direct or visible control by the Defence Force. As part of this process a system of joint military/civilian security structures was set up under the old Joint Management Councils, answerable in the end to the State Security Council.

But at the same time intelligence officials and other members of the security forces were encouraged to resign from their official positions and operate through concealed front companies, supposedly operating in the field of business. The CCB is one classic example of such an organisation, and the Directorate of Covert Collection is another.

IT IS DANGEROUS to make any hard and fast distinctions among the security forces, and the roles they serve within the monstrous security apparatus in this country. The Civil Co-operation Bureau for instance, while a military project, was largely run by and composed of former policemen. Similarly, the Directorate of Covert Collection, exposed recently by the Goldstone Commission, though again a military project included in its list of personnel an NIS official as its second in

command and assorted policemen or former policemen as operatives and as senior personnel.

Equally difficult to determine is how far accountability to the SADF's formal intelligence structures has been maintained, to what extent intelligence is centrally used, and to what extent orders are passed down from within the Military Intelligence hierarchy. Or even from exactly where such orders would emanate.

A good deal of evidence has been led at both the Harms Commission and the Webster Inquest as well as in other places to the effect of establishing high-level knowledge, both within the SADF and the cabinet itself, in relation to covert acts of destabilisation directed against political opponents. In recent testimony before the Webster Inquest former Defence Minister Magnus Malan was alleged by CCB managing director (and before that commanding officer of 5 Recce) Joe Verster to have been aware of the role claimed by operative Ferdi Barnard in the 1988 assassination of Webster. Other evidence has alleged that then Intelligence chief General Rudolf Witkop Badenhorst personally ordered CCB actions.

In short, while it remains difficult to make any hard and fast connections between the formal and the privatised agencies of the intelligence machine, there is sufficient evidence to establish prima facie that at least some of the Directorates in MI were in control of some privatised fronts, were and perhaps are, running their own dirty tricks agencies.

SADF FORMAL INTELLIGENCE STRUCTURES

THE SADF's Intelligence operation is basically divided into two sections, Strategic Intelligence and Tactical Intelligence, with the basic distinction being drawn on the lines of long range and short range

analysis

information acquisition and processing respectively.

STRATEGIC INTELLIGENCE

Until last week, when President De Klerk, responding to the outcry following Judge Goldstone's Directorate of Covert Collection revelations, appointed General Pierre Steyn to head and investigate all SADF intelligence functions as a crisis management gesture, the Strategic Intelligence department was headed by Chief of Staff Intelligence, Lieutenant General Joffel van der Westhuizen.

Van der Westhuizen has been identified as being the man who founded the notorious Hammer Group, made up of Civilian Force members and allegedly functioning as a strike unit and hit squad. He has also been linked to the death of Cradock activist Matthew Goniwe, and was more recently alleged to have given a shoot to kill order to seconded SADF officers in the Ciskei Defence Force in advance of the Bisho massacre in September this year.

His predecessor, Lieutenant General Witkop Badenhorst, was identified as topping the CCB's command structure.

Strategic Intelligence is based in Nedbank building in Pretoria. It is divided into three Chief Directorates, with the following functions and subdivisions:

CHIEF DIRECTORATE COUNTER-INTELLIGENCE

This is responsible for the protection of the SADF's internal security and the prevention of infiltration by enemy agents, and/or the leaking of intelligence and classified information to the public or to hostile interests. As a classic counter intelligence department, it also runs "turned" agents and seeks to confuse and disinform the enemy.

CHIEF DIRECTORATE COMMUNICATIONS OPERATIONS

The so-called Comops is the SADF's propaganda arm. Its brief is the area of psychological warfare which emerged in international military affairs as one of the central concerns of modern warfare and especially of low intensity warfare campaigns. In the South African context, on the low intensity conflict model, Comops is responsible for running the SADF's "hearts and minds" campaigns, the winning over of the essentially hostile black population to the views favoured by the state.

In effect, Comops, substantially exposed by former SADF propaganda agent, Nico Basson, who ran a Comops disinformation campaign under Directorate head Brigadier Ferdi van Wyk during the run-up to the Namibian elections, appears to work substantially through front companies and covert, slushfunded propa-

ganda and disinformation exercises directed against political opponents.

The chief directorate is divided into two sub-directorates, Directorate Comops Friendly Forces, which is geared towards the mobilisation and galvanising of the SADF and the state's own support base, and Directorate Comops Enemy Forces which handles propaganda aimed at demoralising and demonising adversarial groupings.

CHIEF DIRECTORATE MILITARY INTELLIGENCE


This is the largest, the most senior and the most widely briefed of the three directorates.

Included in its subdivisions are the following:

- Directorate Foreign Relations, responsible for the co-ordination of information gathered from military attaches and agents in foreign countries.
- Directorate Special Tasks, which handles the support and co-ordination of the SADF's Special Forces and/or covert actions of the more executive orders (see separate box). General Eddie Webb, chairman of the CCB, was formerly incumbent as heading this directorate.
- Directorate Southern Africa, itself divided into three separate sections:
 - 1) West Front, consisting of the Angola Military Desk, the Angola Political Desk, the Namibian Military Desk and the Namibian Political Desk.
 - 2) East Front, which includes political, economic and military desks for Zimbabwe and Mozambique, as well as Zambian, Tanzanian and Malawian desks.
 - 3) Home Front, with an ANC/PAC desk, a Terrorism desk, a Subversion desk, a Church Affairs Desk, and separate desks for Botswana, Lesotho, Swaziland, and subdesks for the independent and self-governing homelands.
- Directorate Rest of Africa/ Middle East/ Superpowers.
- Military Information Bureau, which disseminates approved SADF information to the public at large.
- Directorate Electronic Warfare, responsible for co-ordination of information gleaned through the SADF's signals intelligence functions, through bugging, monitoring radio frequencies, etc.
- Directorate Tactical Intelligence, housed in the offices of Chief of Staff Intelligence and co-ordinating between the agencies of the Tactical Intelligence department and those of Strategic Intelligence. In effect the Tactical Intelligence Branch is then subordinate to the much larger strategic Intelligence outfit.

TACTICAL INTELLIGENCE

Tactical Intelligence is based inside the formal structures of the SADF and represents the more or less overtly military



element of the SADF's intelligence machinery.

It is divided into the following subsections:

- Chief of Army Staff Intelligence which is responsible for the collection and collation of intelligence from command and unit structures inside the country.
- Chief of Air Force Staff Intelligence which functions as above for the SAAF as well as for the gathering of intelligence from radar stations and the Joint Air Reconnaissance Centre.
- Chief of Medical Staff Intelligence, which gathers information from psychologists, ethnologists, behavioural experts and SADF field medical teams. The department also puts together psychological profiles for use by other departments to recruit special forces operatives - such as were exposed by treason accused Ben Greyling in the early 1980s, where a secret document on recruitment and structuring of special forces indicated a preference for psychopaths and otherwise unstable people as candidates for special forces services.
- Chief of Staff Naval Intelligence, gathering intelligence from coastal patrols, surveillance operations and the Naval Electronic Warfare Stations.
- Signals Intelligence, collecting information from Electronic Warfare Stations linked to the army.

SPECIAL FORCES.

THE SADF's Special Forces have as their goal, as defined in the SADF's manual dealing with the subject: "to inflict the maximum disruption of the enemy of the state by means of special actions". Such disruption includes both information gathering and launching special operations into enemy territory, or if the enemy is domestic into enemy strongholds, power bases, etc. Such operations would usually be ordered and controlled through the agencies of the intelligence family, particularly the Directorate Special Tasks.

However the definition of special forces in the South African context has become blurred, with units such as 32 Battalion, recruited as mercenaries, having been used in unconventional, special forces-type operations, as well as in actions against political opponents of the state. Including controversial units of such an order the SADF's Special Forces outfits are

as follows:

- 1 Reconnaissance Regiment includes a training and an operational wing. The training wing, Special Forces School, is responsible for the basic training of all recruited special forces personnel. Its operational strength stands between 1 000 and 1 200 fully trained personnel. One Recce is based in Durban and Richards Bay in Natal. The unit is known to have been deployed in neighbouring countries and it has been alleged to be involved in the training of Renamo operatives for purposes of destabilisation in Mozambique.
- 2 Reconnaissance Regiment is based at Voortrekker Hoogte and is a civilian regiment intended to provide CF backup to the Special Forces if necessary. It has a strength of between 2 000 and 3 000 men, but an operational strength of only around 150.
- 3 Reconnaissance Regiment was formed in order to provide a military home for former members of the Rhodesian Special Forces after Zimbabwean independence in 1980. It was later disbanded and many of its members taken up by the CCB as the organisation's Region 7.
- 4 Reconnaissance Regiment is based at Langebaan near Saldanha Bay and has a special responsibility for seaborne operations. It has an operational strength of between 300 and 400. 4 Recce was extensively deployed in sabotage actions during the Angolan war.
- 5 Recce, housed at Phalaborwa, numbers between 500 and 600 soldiers, the vast majority of whom are Mozambicans, though commanded by white SADF officers. The unit has allegedly been frequently deployed in Mozambique and also in the PWV and Natal as covert operatives in the violence.
- 31 Battalion numbers approximately 600 operatives, mainly Namibian Bushmen employed as trackers. The unit has been relocated to the Northern Cape.
- 32 Battalion numbers around 1 800 soldiers, overwhelmingly former Angolan fighters recruited by Colonel Jan Breytenbach. Currently based in Pomfret, the unit is supposedly in the process of being rendered non-operational and the SADF has frequently claimed it is being redirected towards stock theft control. However VWB has information it was deployed on military manoeuvres as recently as a month ago. One of the three sub-units had also been on 24 hour standby for at least two months before this time. 32 Battalion has been extensively used in suppressing internal unrest in the past two years and earlier this year some of its members ran amok on the East Rand, raping, killing and burning houses in what appeared to be a revenge attack.

Strange days

indeed

Although the report by the Goldstone Commission's Committee into Thokoza violence stopped short of directly blaming any violence on the police, it gave an important perspective on the ambush of that fateful Inkatha march of September 8 last year - in which 23 people died and 26 were seriously wounded.

WALLY MBHELE reports

STRANGE things will never cease to happen in South Africa's political violence - at least not until the security forces are brought under multi-party control.

Last week, it was revealed how Military Intelligence sought to discredit the African National Congress and its military wing, Umkhonto we Sizwe, through a shadowy task unit which was to infiltrate MK and give it a criminal image.

Now we hear, from Goldstone again, that the man behind the massacre of Inkatha Freedom Party supporters on their way to a rally in Thokoza township last year was a police spy. Makes you think.

One cannot help wondering where the country's security forces are heading to. Scandal after scandal. Denials after denials. And in the end, a complete silence. But the spiral of township carnage continues.

Although the report by the Goldstone Commission's Committee into Thokoza violence stopped short of directly blaming any violence on the police, it gave an important perspective on the ambush of that fateful Inkatha march of September 8 last year - in which 23 people died and 26 were seriously wounded.

The ambush, in Thokoza's Khumalo street, was executed by three mysterious and "highly professional" men, who intercepted the Inkatha march as it advanced to Thokoza stadium where a hostel rally was to be held. Thokoza, scene of the worst Reef township clashes in 1990, was at that time enjoying a relative calm. Nothing suggested the possibility of violence that day.

THE TIMING of the ambush was remarkable. The massacre took place only six days before the much awaited signing of the historic National Peace Accord, itself inspired by the violence that had ravaged

townships such as Thokoza.

South Africa woke up to headlines like "Thokoza massacre sparks violence across the Reef" and "Casualties include 53 dead and many seriously injured". The New Nation newspaper devoted its poster to a picture of a woman overcome with grief next to the bullet-riddled car of her slain husband with the words: "The face that moved the nation". All over the country people were shocked.

When the Goldstone Commission of

victims. Various organisations pointed to the timing of the attack - just prior to the signing of the Peace Accord, which was to be a last step towards the beginning of the first multi-party constitutional talks.

The commission heard protracted testimony from Inkatha, the ANC, the police and others. Several Inkatha representatives asserted that Umkhonto we Sizwe was responsible - although without any proof. The police were found to be somersaulting. However they did tell the com-

mission by the substance of the police submissions. Even though the police and the investigating officer were "on the scene of the crime within minutes after the crime" had been committed, and despite at least two of the named individuals having been taken into custody for questioning after the massacre, and despite the identity and place of work of the third suspect being known and despite numerous raids - including at least two in which Phola Park SDU members were rounded up - the investigating officer had still not been able to lay charges against any individuals. There was not enough evidence, he said.

Yet the police suggested to the Goldstone committee that these individuals should be found guilty. It seems rather strange.

"by virtue of having informers in key positions the police probably knew of the planned attack on hostel dwellers on September 8"

Inquiry into Public Violence and Intimidation was appointed after the signing of the National Peace Accord, a sub-committee was established to look into the agony of Thokoza township.

Part of the Commission's brief was to hear evidence about the massacre of the Inkatha hostel dwellers. After the massacre a prominent civic leader, Sam Ntuli, was assassinated - and on October 7 mourners returning from his funeral were ambushed. These incidents fell under the scope of the committee's investigation.

The Commission heard extensive evidence on the identity of the three assassins who had slain the hostel dwellers. Their identity became a key to the motive behind the attack. According to the commission, the attack was executed with a high degree of professionalism. They had handled their AK-47 rifles very competently - killing and wounding a high number of

mission that they had identified the people responsible - people from the Phola Park Self Defence Unit.

The identities of the three men had been sufficiently clarified to justify the Commission in finding the named individuals guilty of the murders, argued counsel for the Minister of Law and Order.

Shortly after the massacre, it was reported that a "man was detained in connection with the Thokoza massacre" and that the police were searching for two others. A few days later it was reported that police had made a "major breakthrough" in compiling the identikit of one of the three suspects. Again the police promised substantial rewards to anyone with information about the whereabouts of the three suspects. Nothing further was heard from the police until the commission began hearing evidence from them.

However the commission was disturbed

BUT HERE LIES THE heart of the matter about the police ambivalence. During cross-examination by counsel for the police, it emerged that one Mucgi Ceba - the man who masterminded the massacre - was a police spy. The police acknowledged that the same Ceba was in fact a sectional leader and a high profile SDU member who, under dubious reasons, had led the sensational coup against the Phola Park Residents Committee.

After this coup most credible Phola Park leaders, including the murdered Prince Mhlambi, were exiled from the settlement. And under the rule of the same Ceba the Phola Park unit began launching random attacks against the police, passing motorists and even some former leaders of the Phola Park residents.

Under Ceba and his small band of SDU "comrades", Phola Park was never the same again. Township gangs moved into the settlement and joined Ceba's "SDU". Crime increased to a frightening level and

violence

young men were pushed into the forefront of the battlefield. At one stage one of the former leaders was sprayed with AK-47 fire in broad daylight because Ceba had decided he was a police spy.

VIOLENT CONFRONTATION between the Phola Park SDU and the police became the order of the day and various attempts by the ANC to normalise the situation were consistently frustrated by Ceba and company. Day by day life became more unbearable for the Phola Park community as the police launched raid after raid, often preventing people from going to work, in search of MK cadres that perpetrate crime against the police from Phola Park.

While Ceba's colleagues were often apprehended by the police, he himself always miraculously survived their swoops on "perpetrators of violence". In the end, the police surrounded Phola Park, fenced it off and in a huge media propaganda campaign claimed it was a special crime prevention exercise aimed at purging the place of MK militants and criminals.

VWB has been reliably told that after Ceba's hidden face was exposed and his gang asked to leave Phola Park, a surprise attack - in which one person died - was

launched on Phola Park in the presence of the police. That was two months ago when the police were still maintaining an intense round the clock presence in Phola Park. How was that attack able to succeed? This is only one more in a number of questions on the relationship between Ceba and the police.

The East Rand police - under whose jurisdiction Ceba operated - were "not there" when VWB approached them for comment this week. At the time of going to press there was still a deafening silence on their part.

BUT DID THE POLICE influence Ceba to oust the disciplined Phola Park leaders and create a situation of lawlessness in the community? Did they have any influence on Ceba to mount an unprovoked attack on the marching hostel dwellers at such a critical time for peace in the country?

Counsel for the Phola Park Residents' Association argued before the commission that: "by virtue of having informers in key positions the police probably knew of the planned attack on hostel dwellers on September 8".

While no offence on the part of the police was proved, the acknowledged use

of informers in positions such as that held by Ceba, the commission found, are "certainly not conducive to improving the already tense relations ... and suspicions between the security forces and the communities in question".

If it's true that the police knew of the plot to murder Inkatha supporters, one finds it difficult to refrain from suggesting that the police had made a crude attempt to derail the the National Peace Accord. The way violence spilled over to other areas immediately after the Thokoza massacre gave rise to widespread suspicion that some kind of a third force was trying to torpedo the National Peace Accord.

It took commendable reasoning from the IFP not to shirk its responsibility and realise that what happened was all the more reason for the peace process to work and be made to work. It worked: the Peace Accord was signed on September 14. But the violence never stopped.

FROM ALL THESE RECENT revelations, it has become abundantly clear the government's security forces have continuously tried to portray the ANC as a violent organisation that has, through its military wing, systematically wreaked havoc

in the townships and is therefore a stumbling block to democracy.

While the Commission stressed that the Phola Park SDU has nothing to do with defence and much more to do with blatant aggression which serves as a guise for criminal activity, it however exonerated MK from any responsibility.

It appears therefore, that the government is seeking to avoid the issue of the integration of forces and use MK (like it did in Codesa 1) as a pretext for delaying or stopping the interim government. You only need to dig deep into the two recent Goldstone revelations before you'll understand the conspiracy.

Somewhere in its recommendations, the Thokoza Inquiry conducted under the chairmanship of the Pretoria advocate Solly Sithole, assisted by L Baqwa and K Tucker, says; "Until South Africa has a police force that has the confidence and support of the vast majority of our people, violence will continue to be difficult, if not impossible, to curb."

It is a process that cannot be delayed if the rule of law is to prevail and be respected in the communities.

WAARSKUWING AAN ALLE SKRYWERS!

**HIERDIE GAWE
MENSE HET HULLE
HAND DALK IN JOU
SAK...**



DIE SAKEMAN



DIE ONDERWYSERES



DIE SEKRETAAR



DIE STUDENT

Iedere dag, regoor die wêreld, maak mense ongemagtigde kopieë van skrywers se literêre skeppings.

Met die vooruitgang in dupliseertegnologie en die toeganklikheid daarvan, het dit toenemend makliker geword om kopieë te maak. "Copyshops" het soos sampioene verries, veral om universiteitskampusse, waar kopiering nie alleen aangebied word nie, maar selfs aangemoedig word. Gesofistikeerde dupliseertoerusting is standaard in enige universiteitsbiblioteek en daar is skaars 'n skool sonder 'n fotokopieermasjien. Selfs die kleinste sakebedryf kan nie sonder 'n fotokopieerder klaarkom nie.

OUTEURSREG EN "REPROGRAFIESE REPRODUKSIE"

Die Wet op Outeursreg (Wet 98 van 1978) verbied die "reproduksie op enige wyse of in enige vorm" van 'n outeursregwerk sonder toestemming van die outeursregeienaar. Binne hierdie definisie val sogenaamde "reprografiese reproduksie", d.w.s. enige metode of proses waarvolgens letterkundige of musikale werke in 'n visueel-waarneembare vorm gereproduseer word, bv. afrol, fotokopiering en elektrostatiese reproduksie.

Ingevolge die Wet is uiters beperkte reproduksie "vir doeleindes van privaatstudie" toelaatbaar en die omvang van reproduksie word duidelik gedefinieer. Die Wet laat egter onder geen omstandighede die ongemagtigde reproduksie van volledige volumes, wesenlike gedeeltes van volledige volumes, of selektiewe reproduksies vir die saamstel van studiegids toe nie.

WIE SKEND OUTEURSREG?

Studente, lektore, onderwysers, leerlinge, navorsers, sakemanne en enigiemand anders wat sonder toestemming van of die skrywer of die uitgewer outeursregwerke reproduseer, skend outeursreg. Outeursreg word ook geskend deur die persoon wat die reproduksie van outeursregmateriaal toelaat of aanmoedig, bv. die "copyshop"-eienaar of -werknemer.

WIE BEHEER REPROGRAFIESE REPRODUKSIE?

Die Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte Organisasie (Edms) Bpk. (DALRO) administreer die reprografiese reproduksiereg in Suider-Afrika. DALRO verteenwoordig die oorgrote meerderheid plaaslike uitgewers vir reprografiese regte en het 'n ooreenkoms van wedersydse verteenwoordiging met die Copyright Licensing Agency (CLA) in die Verenigde Koninkryk ingevolge waarvan hy die reprografiese regte in die werke van bykans alle Britse uitgewers en skrywers in Suider-Afrika administreer. Ooreenkoms wat die regte van Amerikaanse en Duitse uitgewers en outeurs sal dek word tans onderhandel.

DALRO is nagenoeg twintig jaar 'n gevestigde en gerespekteerde lid van die Internasionale Konfederasie van Verenigings van Outeurs en Komponiste (CISAC) en is onlangs as lid van die Internasionale Federasie van Reprografiese Regte-verenigings (IFFRO) toegelaat.

Nie alleen geniet DALRO die aansien en erkenning van die internasionale outeursreggemeenskap nie, maar is ook

die enigste organisasie met die kundigheid en infra-struktuur om reprografiese regte te administreer

HOE BEOOG DALRO OM REPROGRAFIESE REGTE TE ADMINISTREER?

Die hoofdoel van die skema is uiteraard om die grootskaalse fotokopiering van volledige volumes of wesenlike gedeeltes van outeursregwerke te bekamp en uiteindelik te elimineer. Die enigste wyse waarop hierdie doel bereik kan word, is om opvoedkundige inrigtings, biblioteke, opleidingsentra, ens. te lisensieer vir kopiering binne streng gedefinieerde perke. Hierdie beleid is getrou aan die van outeursregverenigings in meeste ontwikkelde lande van die wêreld en die enigste doeltreffende manier om gebruikers aan te moedig om boeke te koop en hulle nie te kopieer nie.

Die idee is dus om dit vir opvoedkundige inrigtings en andere

moontlik te maak om lisensies te verkry en sodanige studente, onderwysers en navorsers in staat te stel om onder beperkte en beheerde omstandighede van fotokopieë gebruik te maak.

HOE KAN JY BAAT?

Die ingevorderde lisensiegelede sal DALRO in staat stel om aan skrywers 'n billike vergoeding vir die reproduksie van hulle werke te betaal en om volledige verslae oor die omvang van die gebruik voor te lê.

HELP DALRO OM JOU TE HELP

Slegs met 'n breë basis van verteenwoordiging kan die probleem van ongemagtigde reproduksie met gesag aangespreek word.

Ons nooi alle skrywers dus met genoeë om by die uitgewers van ons land aan te sluit deur hulle reprografiese regte vir administrasie aan DALRO toe te vertrou. Dit spreek vanself dat die regte dienooreenkomstig oorgedra, daardie sal wees wat DALRO nie reeds via sy ooreenkoms met die uitgewers beheer nie.

Tree asseblief telefonies of skriftelik met DALRO in verbinding om die voorgestelde ooreenkoms aan te vra. Die wesenlike bepaling van hierdie dokument is identiek met dié van die standaardkontrak tussen skrywers en hulle nasionale verenigings in die Verenigde Koninkryk en op die Europese kontinent.

Dit kos niks om by die skema aan te sluit nie.

Help DALRO om jou te help!



Posbus 31627
Braamfontein 2017
Telefoon (011) 403-6635
Telefaks (011) 403-1934

'Geheimhouding is waar korrupsie begin'

Weermaglede en oud-soldate is bitter ongelukkig met die regering se hantering van die ANC en onderhandelinge, sê **JAN BREYTENBACH**, afgetrede top-soldaat en broer van digter Breyten, in 'n ontstellende onderhoud in die jongste uitgawe van die tydskrif *Die Suid-Afrikaan*. Hier is uittreksels uit die onderhoud

Was daar 'n alternatief vir die oorlog in Namibia gewees?

Ek sal jou sê wat die alternatiewe was. Reg, dit is nou met hindsight, want ek is nou ook maar net 'n troep, ek is nie 'n ou wat weet van sulke dinge soos politiek nie. In 1966 het ek deelgeneem aan die eerste operasie teen Swapo in Ovamboland. In daardie stadium het Swapo besluit om met geweld te kry wat hy nie op 'n ander manier kon kry nie. Vir 'n politieke man wat sy job ken, moes dit die skrif aan die muur gewees het en hy moes gesê het, 'Kyk, hierdie mense word ondersteun deur die Russe, die stryd sal jare lank aangaan want dis hoe dit gaan met guerrilla-oorloë. Terwyl ons nou nog kan, kom ons sê vir Swapo, 'Right, ons het 'n politieke oplossing, julle Swapos kom terug, ons hou 'n groot stemming.'

Wat sou gebeur het? Swapo sou in sy moer in verloor het. Hulle het in daardie stadium geen steun gehad nie. En hulle het nie die kans gehad om te kon mobiliseer nie. Uiteindelik het hulle met geweld gemobiliseer, soos al die guerrilla-bewegings.

As die ouens net vooruit kon gesien het, moes ons gesê het: 'Orraait, ons stem, end of story. Stel 'n nuwe regering in. Julle is nou onafhanklik. Bob's your uncle.' Dan sou ons vandag glad geen probleme gehad het in Suidwes nie.

Hoe ernstig was die ivoorsmokkelary (deur die Weermag) in Namibia?

Laat ek dit vir jou sê: vegsoldate was nooit betrokke by ivoersmokkelary nie. Dis die bleddie Militêre Inligting-mense. Die probleem is dat die konkrete inligting nie soos dit hoort deur die polisie opgevolg is om dit uiteindelik in die hof te laat beland nie. Hulle weier om 'n ou te vervolg, want as hulle hom vervolg, dan drop hy 'n ou bokant hom en 'n ou bokant hom en 'n ou bokant hom... Die gevolg is die hele ding word toegesmeer.

Hierdie geheimhouding is sommer stu-

pid. Dis waar korrupsie begin. Ek is daar in bliksemse Angola, hier naby Luanda, jaag daar rond met my mense, en dan sê hulle vir my ek is besig om oorlog te maak teen Swapo hier 20km anderkant die kaplyn. Dis wat hulle vir die ouens vertel in Suid-Afrika. Maar die hele wêreldpers weet wat gaan aan.

Dis stupid, man, die sogenaamde geheimhouding. Alles moet geheim wees. Geheimhouding om hulself te beskerm, dis al. Want nou mag jy nie vat aan sulke operasies soos die smokkel van olifantande nie, want dit vind plaas onder die dekmantel dat dit gemoed is met die ondersteuning van Unita. Dis waar korrupsie inkom.

(...)

Maar wat ek probeersê, is dat die Weermag na my mening doelbewus afgekraak en gedemoraliseer word. Daar is miskien 'n persepsie dat die Weermag betrokke kan raak by 'n staatsgreep, wat nie sal gebeur nie. Ons is almal in die Weermag grootgemaak en dis 'n tradisie en 'n filosofie van die Weermag - jy baklei nie teen jou eie regering nie, maak nie saak wie de hel die regering is nie.

Kyk, die canary (Roelf Meyer) het in die Lugmag-koor gesing. Hy weet nie van oorlog maak af nie. FW de Klerk het geen clue van wat in die Weermag aangaan nie. Hulle het miskien die persepsie dat dieselfde hier in Suid-Afrika geld as in die res van Afrika. Hulle is verkeerd. Dit is nie so nie. Hulle het 'n baie lojale Weermag en hulle moet daardie Weermag lojaal hou. En jy hou nie die Weermag lojaal deur eenhede te ontbind en hulle rond te donner nie.

Wat hulle nou doen is, daardie ouens word gefire, kry 'n golden handshake. Maar jy moet onthou, buitekant die Weermag vandag is die meeste blanke mansmense wat rondloop militêr opgelei. Nou word 'n klomp ontevrede offisiere tussen hierdie klomp losgelaat. Hierdie mense is professionele soldate. Hulle kan veg, hulle het baie oorlogsondervinding.

Die regering skep net vir homself 'n groter gevaar buite die Weermag as wat hy binnekant die Weermag het. Vir die eerste keer kan iemand soos ek, terwyl ek buitekant die Weermag is, die stem dik maak en vra: 'Hoekom sit die kommuniste wie ons baklei het, vandag en negotie in Kodesa?' Dieselfde ou teen wie ons opdrag gekry het om te baklei, word hier agter ons rug ingesluip. Terwyl ons die wolf van die deur afgehou het, het die donner by die agterdeur ingekom.

(...)

Jy sien, die probleem is dat die ouens in die Weermag dit sal aanvaar, maar wat van die ouens buitekant die Weermag? Hulle het ouens wat kundig is, baie meer kundig as die weermag wat dan gaan bestaan. Daardie weermag gaan bestaan uit 'n mengelmoes van die ouens wat agtergebly het in die Suid-Afrikaanse Weermag en Umkhonto weSizwe en so meer. Hulle gaan te staan kom teen 'n klomp ouens wat 'n bietjie beter weet hoe om oorlog te maak.

(...)

Hoekom los hulle hierdie klomp politieke misdadigers wat hulle nou politieke gevangenes noem, terug in die gemeenskap? Hoekom het hulle nie al lankal gesê Umkhonto weSizwe is hiervandaan af on-bleddie-aanvaarbaar, illegal, hulle moet ontwapen word of hulle word ontwapen, ons gaan hulle uitvang, opspoor en toesluit want hulle wil nie luister nie? Hoekom doen hy (FW de Klerk) dit nie?

Kyk, hy moet terselfdertyd die AWB se Ystergarde ook toesluit. Dan moet hy kan voet neersit en sê: 'Hierdie ding van private armies moet nou donnerswill stop. Maandagoggend agtuur stuur ek die troepe en die polisie om elke donnerse MK, Ystergardebliksem te arresteer, left, right en bleddie centre.



Jan Breytenbach... 'FW de Klerk het geen clue van wat in die Weermag aangaan nie'

NATIONAL HEALTH POLICY CONFERENCE

6 to 11 December 1992

"Health Sector Transformation for Primary Health Care"

The inadequate, fragmented health care system, inaccessible to most South Africans, requires serious transformation. The National Progressive Primary Health Care Network (NPPHCN) and the South African Health and Social Services Organisation (SAHSSO) will hold a Conference for Health Sector Transformation and Primary Health Care from 6-11 December 1992.

The NPPHCN is a network of community-based health and development programmes and projects, including a national HIV/AIDS programme. SAHSSO is a multi-disciplinary health and social service worker formation that organises around the political and community demands for health and social services, nationally.

All interested parties are invited to attend the concluding session on a series of crucial health policy issues, including:

"Strategies for Transforming the Health Sector towards Primary Health Care."

Contributions will be made by an international panel with representation from Namibia, Mocambique, The Philippines, Cuba and the United Kingdom.

For further information and an invitation to attend on Friday 11 December 1992, 08h30 to 13h30, Market Theatre, Johannesburg, please telephone or fax Judi Fortuin at (011) 403-4444 not later than Friday 4 December.

'Ons glo aan die verantwoordelike gebruik van krygstuig'

Volgens die kenners in die doodshandel is die Suid-Afrikaanse wapennywerheid die beste ter wêreld as dit kom by artillerie, mynbestande voertuie, radio-stelsels, en die ontwikkeling van helmvisiere op supersoniese vliegtuie. En dié tegnologie is natuurlik ontwikkel tydens die grensoorlog in Namibia, sodat Krygkor in al sy advertensies met reg kan sê: "We provide combat proven solutions." En terwyl die wapenhandelaars nog baai in die sukses van die krygstuig-uitstalling, Dexsa '92, verlede week by Nasrec, was dit juis dié handelspreuk wat emosionele reaksies ontlok het van organisasies soos die SA Raad van Kerke en die ANC. Met bitterheid word daarop gewys dat die wapens getoets is op mense "wat gestry het vir 'n nuwe sin van geregtigheid in hierdie land en dood is in die toetsingsproses".

INA VAN DER LINDE het hieroor vrae gaan stel aan Johan Adler, Algemene Bestuurder Openbare Betrekkinge van Krygkor

Ek was onder die indruk dat die hele wapennywerheid nou gaan omskakel in 'n vredesnywerheid. Dat julle as 't ware die swaarde in ploegskare gaan omskep. Nou is daar dié wapenskou met meer en beter wapens as ooit?

Dit was nie die bedoeling van die uitstalling om die produkte wat vir die gewone mark vervaardig word uit te stal nie. Dié is 'n krygstuigtentoonstelling. Krygkor self vervaardig niks meer nie. Ons hoofdoel is om in die behoeftes van die veiligheidsmagte te voorsien. Ons bepaal die behoefte, skryf die tegniese spesifikasies, doen navorsing en ontwikkel die produkte, kontrakteer maatskappye binne of buite die land, doen kwaliteitstoetsing en die aflewering.

Denel, wat bestaan uit die 20 voormalige affiliale van Krygkor soos Sonchem, Atlas, Lyttleton Ingenieurswerke, Kentron, Naschem, val nou onder die Ministerie van Openbare Ondernemings. Dit word op 'n kommersiële grondslag bedryf soos 'n gewone maatskappy wat produkte vervaardig. Die oogmerk is dat Denel vanjaar R750 miljoen verdien, waarvan die dividende na die staatskas gaan.

Verder is daar tussen 700 en 900 private maatskappye betrokke by die vervaardiging van krygstuig-komponente. Maar Denel is terselfdertyd betrokke by die vervaardiging van ander kommersiële produkte, wat nie met die krygsnywerheid verwant hou nie. Daar is reeds 250 sulke produkte op die mark.

Betekende dit nou dat Krygkor, Denel en die res hul voortaan toenemend op die wêreldmark in wapenhandel gaan toespits?

Ons het die afgelope vyf jaar R500 miljoen aan buitelandse valuta verdien en beoog om dit op te stoot na R2 000 miljoen. Ons verskaf werk aan duisende mense. Maar die ontwikkeling het ook 'n geskiedenis. Weens die wapenverbod wat in 1977 ingestel is, het ons in 'n onnatuurlike krygtuignywerheid ontwikkel wat alles moes vervaardig van stewels tot vliegtuie. Ander lande soos Australië het ook 'n krygstuigraad, maar hulle het net nodig om te spesialiseer in areas waar daar 'n behoefte op plaaslike vlak bestaan. Ons

sien uit na die dag dat die wapenverbod opgehef word, want dan kan ons terugkeer na 'n posisie waar ons spesialiseer in die areas waar ons 'n voorsprong opgebou het en kan voortbou op die tegnologie wat ons self ontwikkel het.

Terselfdertyd het hierdie land 'n groot belegging gemaak in die krygtuignywerheid, en ons kan dit nie sommer so afskryf nie. (Sowat R4 miljard per jaar oor 'n tydperk van 20 jaar). Dit was 'n belegging in tegnologie en 'n bate vir die land en ons is die afgelope agt jaar die grootste vervaardiger van uitvoerprodukte in die land.


Die krygtuignywerheid en die mynwyse is die enigste gebiede waar ons ons eie hoë tegnologie ontwikkel, vervaardig en kan uitvoer. As die krygtuignywerheid moet toemaak, gaan ons die hoë tegnologie verloor en word ons 'n tipiese Derdewêreldland. Alle ander produkte van die motornywerheid tot die elektronika is produkte wat onder lisensie van buitelandse maatskappye hier vervaardig of aanmekaar gesit word. Ons kan dit nie uitvoer nie.

Dis tog ironies dat in 'n tydperk regoor die wêreld waar 'n nuwe gees van ontwapening en afskaling in wapentuig heers, Suid-Afrika tot die wapenhandel toetree.

Moenie 'n fout maak nie. Hoewel die Oosbloklande nie meer as 'n magsblok teenoor die VSA staan nie, is daar regoor die wêreld plofpunte. In bykans elke staat in die voormalige Sowjet-Unie is daar oorloggies aan die broei. Kyk na Joego-Slawië, die Midde-Ooste. Of ons nou daarvan hou of nie, totdat daar weer 'n magsbalans tussen die verskillende lande ontwikkel het, en elkeen van die lande genoeg wapens het om as afskrikmiddel te dien teen aanvalle van hul bure, sal daar nie stabiliteit kom nie.

Wie koop by julle en hoe weet julle dat die wapens wat nou verkoop word, nie soos in die geval van die VSA en Irak, eendag teen ons gebruik gaan word nie? Of dat wapens wat julle verkoop in die hande van wapensmokkelaars gaan val nie?

Ons verkoop net aan regerings en nie aan



Foto's: SALLY SHORKEND

private individue of politieke groepe nie, hoewel dit lekker sou wees om te verkoop aan wie ons wou want dan sou ons baie geld gemaak het. Ons het selfs in dié bedryf 'n mate van moraliteit! Krygkor is 'n regeringinstansie en ons moet internasionaal verantwoordelik optree. Hoewel ons self 'n wapenverbod teen ons het, verkoop ons glad nie aan lande teen wie die VVO 'n wapenverbod ingestel het nie. Ons verkoop nie aan Joego-Slawië nie, ons verkoop nie aan Irak nie, ons het nog nooit aan Libië verkoop nie. Daar is sekere lande, soos die frontliniestate, aan wie ons nie sekere wapens sal verkoop nie omdat dit dalk teen ons aangewend kan word.

Ons het die Kernspervergoeding onderteken en is glad nie op daardie terrein nie. Ons onderskryf die beheer oor handel in missieltegnologie wat opgestel is deur die sogenaamde G7-lande, bekend as die Missile Technology Control Regime (NTCR). En ons is 'n stigterslid van die Beperking op Biologies-Chemiese Oorlogvoering. Ons vervaardig dus glad nie chemiese of biologiese wapens nie, ons koop dit nie en ons verkoop dit nie.

Waarom mag ons dan nie weet aan wie julle verkoop nie?

Omdat ons nog steeds 'n wapenverbod teen ons het en die lande in verleentheid kan stel wat met ons handel dryf.

Watter beheer is daar oor die baie private maatskappye wat betrokke is by die vervaardiging van komponente van krygstuig?

Krygkor beheer alle in- en uitvoere van enige krygtuig of komponente daarvan. Ons het 'n volledige afdeling vir in- en uitvoerbeheer. Voordat enige maatskappy of organisasie met enige buitelandse instansie wil praat oor verkope, moet hulle by ons 'n bemarkingspermit kry. Indien ons dit goedkeur en seker is dat dit binne die voorgeskrewe riglyne val, kry hulle 'n bemarkingspermit. Dan moet hulle na ons terugkom met die kontrak en dan eers kry hulle 'n uitvoerpermit. Dieselfde geld 'n invoerpermit.

En wie sorg dat wolf nie skaapwagter word nie?

Alle bemarkingspermitte word deur ons bestuursraad en direksie bekrachtig. Die finale besluit lê by die bestuursraad van Krygkor, wat bestaan uit sakemanne uit die private sektor.


En wie sê ons kan die bestuursraad vertrou? Ons weet nie wie hulle is nie, ons weet nie wat hulle politiek is nie - want gaan die wapenbedryf nie maar uiteindelik oor politiek en oor mag nie?

Ons kan nie sê wie ons bestuursraad is nie, want baie van hulle wil nie nou namens byvoorbeeld hul bank praat en dan later gesien word as woordvoerder vir Krygkor nie. Maar ek kan jou verseker distop-manne soos besturende direkteurs van 'n groot rekenmeestermaatskappy, of van 'n bank, ens. Ons hoofvoorsitter is dr Jan Moolman, voorheen van Federale Volksbeleggings.

Ja, die wapenhandel is 'n politieke aangeleentheid en ons kan nie daarby verbykom nie. Maar ons as organisasie is a-polities en dring daarop aan, maar ons rapporteer aan die minister van Verdediging en ons voer hulle opdragte uit. Wanneer 'n volgende regering aan bewind kom, sal dit steeds wees hoe ons sake sal hanteer.

Wat van die morele besware van bv die SARK teen wapenhandel, en van die ANC, komende van mense teen wie Krygkor se wapentuig vroeër gebruik is?

Ons kan dit nie ontken nie, maar dit was nie 'n besluit van Krygkor nie, maar van die regering. Terselfdertyd moet ek daarop wys dat daar jaarliks 250 wapenskoue regoor die wêreld plaasvind. Daar is nie 'n land wat nie hieraan deelneem nie. Waar trek mens die morele streep? Wanneer is dit verdediging en wanneer is dit aggressie? Ek is jammer dat ons nie aan die SARK se morele standarde voldoen nie, hoewel ek nie met hul siening saamstem nie. Die verantwoordelike gebruik van krygstuig is waaroor dit gaan. En dit is 'n politieke besluit waarvoor elke regering self moet besluit.



BESLIS NIE VIR ENIGE AAP NIE.

Carte Blanche is vir mense wat vir hulself kan dink. Mense wat nie vir die waarheid skrik nie. Wat die werklikheid vierkant in die oë staar en wat belangstel in wat om hulle gebeur. En die werklikheid is nie altyd rose en maanskyn nie. Dis dikwels ontstellend, soms onaangenaam. Maar dit kan nie weggewens word nie. En daarom: Carte Blanche.



Want nes jy, gaan ons ook oop oë deur die lewe en luister na ander se menings al stem ons nie altyd met hulle saam nie. Maar ons was nog altyd bereid om ons sê te sê.

Kyk Carte Blanche, 7-8 nm elke Sondag. Sonder oogklappe. Sonder halwe waarhede. Sonder beperkings.



Ons bly jou betower

JY HET DIT NIE TOT JY DIT KRY! TEKEN NOU IN. KOOP 'N DEKODEERDER: KOOP KONTANT BY M-NET OF ENIGE KLEINHANDEL-VERKOOPPUNT, OF BETAAL MAANDELIKS AF IN HUURKOOP. HUUR 'N DEKODEERDER: HUUR BY ENIGE TELOOY-OF RENTA-COLOR-TAK. OF HUUR BY M-NET TEEN 'N DEPOSITO VAN R90* + R25,00* (R22,73 + R2,27 BTW) P.M. DAAR IS OOK 'N HUUR-EIENAARSKAPSKEMA: TREE GERUS MET ONS IN VERBINDING INDIEN JY MEER WIL WEEET. LAE MAANDELIKSE INTEKENGELD: SLEGS R59,50* (R54,09 + R5,41 BTW) PER MAAND GEE JOU AL DIE TOWERKRAG VAN M-NET! (NET R57,30* P.M. AS JY PER DEBIETORDER BETAAL.) JY SPAAR R26,40 PER JAAR! INSTALLERINGS: TREE GERUS MET ONS IN

VERBINDING DEUR DIE GEGEWE TELEFOONNUMMER TE SKAKEL EN ONS SAL ALLE MOONTLIKE HULP EN INLIGTING VERSKAF VIR DIE INSTALLERING VAN JOU DEKODEERDER EN ANTENNA. *ONDERWORPE AAN VERANDERING SONDER KENNISGEWING. BFN(051) 47-2222 DBN(031)710-2222 GEORGE(0441)74-2222 JHB(01)1889-2222 KIMBERLEY(0531)81-2222 KS(021)508-2222 MASERU(09266)31-2222 NELSPRUIT(0131)155-2222 O-|0431|43-2222 PE(041)35-2222 PIETERMARITZBURG(0331) 42-2222 PIETERSBURG(01521)91-2222 PTA(012)346-2222 SECUNDA(0136)31-2222 UMTATA(0471)31-2222 WELKOM(0171)3-2222 WINDHOEK(061)22-2222 WITBANK (0135) 7-2222 (GEEN HUUR BUITE RSA)

internasionaal

'n briefie uit Bosnie

In die deur oorlog geteisterde Bosnië-Herzegovina is die Internasionale Rooi Kruis se posdiens nou die enigste kontak wat talle lede van verskeurde gesinne met mekaar het. Maar hulle moet baie versigtig wees wat hulle skryf, berig **ALAIN NAVARRO**

BIHAC, Bosnië-Herzegovina - "Ek skryf hier uit Bihac. Dit gaan goed, sal 'n mens seker kan sê. Maar ek weet in Sarajevo gaan dit seker nog erger met julle. Ek is lief vir julle."

Die letters buig vorentoe in Nisveta Brankovac se elegante handskrif. Die brief volg 'n standaard-patroon. "Ja, dit gaan goed met ons in Bihac, want mammi en my kleinboeties Edham en Azaz, bly net langsaan my. Maar my vriendin Gopa is op 17 September deur 'n kanonkoeël weggeblaas."

Wanneer die brief klaar geskryf is, sal Nisveta dit oorhandig aan 'n amptenaar van die Internasionale Komitee van die

Rooi Kruis (IKRK). Die posterye in dié verskeurde land werk nie meer nie en die IKRK help om die pos af te lewer.

Die brief is gerig aan Nisveta se oussus Sava in Sarajevo, 320 kilometer van hier. Wees tog versigtig, waarsku Nisveta haar.

Sy sê niks oor die verskriklike beleg wat sy en haar gesin in Bihac moet verduur nie. Sy weet die brief kan op enige plek langs die roete oopgemaak word - dis een van die voorwaardes van die ooreenkoms waarkragtens die pos afgelewer word.

Die dorp Bihac, een van die oorblywende vestings van Moslemweerstand in die weste van Bosnië-Herzegovina, verkeer in 'n wankelrige

Gewapende rowers teister Zimbabwe

HARARE - Die aantal gewapende rooftogte in die eens betreklik stil Zimbabwe het die laaste drie jaar byna verdubbel - hoofsaaklik, sê die polisie, omdat vuurwapens maklik bekombaar is uit die deur oorlog verskeurde Mosambiek.

Die aangemelde rooftogte waarin vuurwapens gebruik is, het van 393 in 1989 toegeneem tot 770 in 1991. Dié ontstellende styging duur vanjaar voort - 300 gewapende rooftogte is die eerste helfte van vanjaar aangemeld, teenoor 209 in dieselfde tydperk verlede jaar.

Inbrake waarin groot bedrae geld gesteel word, raak al hoe meer gewaagd namate die land worstel met die ekonomiese ontberinge wat veroorsaak is deur die droogte en die regering se drakoniëse hervormingsmaatreëls.

In 'n onlangse rooftog is goud ter waarde van 1,5 miljoen Zimbabwiese dollar (290 000 VSA-dollar) uit die Patchway-myn 140 km wes van Harare gesteel.

Laat verlede maand is 'n poskantoor in 'n nywerheidsgebied van Harare, Southerton, beroof van 400 000 Zimbabwiese dollar (80 000 VSA-dollar) deur gewapende rowers. En verlede week het rowers 400 000 dollar aan onderwysers se salaris- en bonusgeld gesteel by 'n poskantoor in Dorowa, 'n myndorpie aan die oosgrens met Mosambiek.

Al hoe meer motors, taxi's en busse word geëls en ook petroljoggies is snags nie meer veilig nie.

DIE ROWERS, sê die polisie, gebruik hoofsaaklik AK-47's en gewere wat maklik ingesmokkel word omdat die stroom vlugtelingen uit Mosambiek monitoring moeilik maak. Baie wapens bly glo ook nog oor uit die Zimbabwiese burgeroorlog wat in 1979 geëindig het en van die gewapende bewegings van andersdenkendes in die vroeë tagtigerjare.

"Zimbabwe se wapenbeheerwette is heeltemal voldoende, maar ons het 'n buurland waar daar geen beheer oor wapens is nie - Mosambiek," het die voormalige minister van binnelandse sake, Moven Manachi, verlede jaar reeds gewaarsku.

Verlede maand het sy opvolger, Dumiso Dabengwa, dié waarskuwing herhaal: "Die meeste gewapende rooftogte word in Harare en Mutare gepleeg en dit kan toegeskryf word aan die beskikbaarheid van wapens wat onwettig aan die oosgrens aangekoop word."

'n Sak meliemeel kan aan die grens vir jou 'n geweer koop, sê die dagblad *The Herald* in 'n hoofartikel.

Gesteelde polisie-dienspistole en wettig gekoopte wapens word ook in rooftogte gebruik, asook wapens wat deur wildiewe die land ingebring is. Mosambiekers neem glo ook aan die rooftogte deel. - AFP



Die lewe en die dood gaan verskriklik voort in Bosnië-Herzegovina. Hier dra 'n onbekende man Sanela Memić, wat in die kop verwond is, na 'n mediese sentrum in Sarajevo. 'n Bom het langs haar en haar suster Eldina ontplof. (Foto: AP)

situasie van nóg vrede nóg oorlog. Die dorpenaars verwag elke oomblik 'n volkskaalse aanval. Al kos wat hulle het, word deur VVO-troepe voorsien.

Soos in dosyne ander dorpe is Bihac se mense in alle windrigtings verstrooi - talle weet nie waar hul ander gesinslede is en of hulle nog leef nie.

Die posdiens van die IKRK, wat elke week sowat 30 000 briewe aflewer, is vir dié mense uiters waardevol. Dis dikwels die enigste manier waarop hulle met hul geliefdes in aanraking kan kom - want die meeste telefoonlyne is ook afgesny. Die mense van Zagreb, die hoofstad van Kroasië, en Belgrade in Serbië kan mekaar nie eens bel nie.

"ONS POSDIENS help baie om verligting te bring in die ongelooflike lyding wat die oorlog veroorsaak het," sê Pierre Gauthier, 'n IKRK-amptenaar.

Theoreties, sê hy, het die duisendmense in aanhouding kragtens die Geneefse Konvensie die reg om pos te ontvang - maar in die praktyk bestaan dié reg dikwels nie.

Die briewe word nie toegeplak nie, sê Gauthier, want amptenare van al die strydende faksies het die reg om dit op verskillende plekke langs die roete oop te maak. "Ons raai gesinne daarom aan om politieke inligting te vermy en nie hul teenstanders te beledig nie."

Dergelike perke is die prys wat betaal moet word om hoegenaamd kontak te maak.

Die pos word in 'n IKRK-kantoor in

Zagreb gesorteer. Vrywilligers help om die pos verder te versprei via 14 dorpe regdeur die voormalige Joego-Slawië.

Briewe aan mense wat na ander lande gevlug het, word deur nasionale Rooi Kruis-groepe in dié lande afgelewer.

Dit kossoms kopkrap. "Sommige briewe is onvolledig geadresseer, of die mense bly nie meer by dieselfde adres nie," sê Pierre Noel, 'n IKRK-afgevaardigde in Bihac wat elke week sowat 3 000 briewe help sorteer. "Maar 85 persent van die briewe bereik die mense aan wie hulle geskryf is."

MARIJA LIPOVIC lewer daagliks sonder vergoeding briewe af in Bihac se woonbuurt Ozimice, wat van tyd tot tyd deur die Serbiërs gebombardeer word.

In dié buurt is daar geen elektrisiteit of gas nie en elke mens het 'n onrustige gesigsuitdrukking. Die kinders het g'n skool meer nie en pak stapels brandhout in die strate.

Marija bring die pos na 'n plaaslike sopkombuis, waar die IKRK daagliks 1 500 gekookte maaltye verskaf.


Sy oorhandig 'n brief aan Mirjana, 'n Serbiese vrou wat met 'n Moslem getroud is. Mirjana kan haar tranes nie bedwing nie.

Saam met die brief, van haar suster Gordana in die noordelike Serbiese streek Vojvodina, is daar 'n foto wat op haar niggie se onlangse troue geneem is.

Intussen sluit Nisveta Brankovac die brief aan haar suster in Sarajevo af.

"Ek hoop dié ramp sal binnekort oor wees. 'n Mens moet maar geduldig wees," skryf sy. - AFP

Skinheads was tot dusver vir Suid-Afrikaners merendeels 'n oorsese verskynsel met groeiende getalle in Duitsland, Frankryk, Italië, Engeland en Amerika. Dié week het 'n laag Skinhead-geweld - dit is moeilik om te onderskei tussen Skinheads, Neo-Nazi's en ver-regses - Duitsland en Italië getref. En toe gebeur dit ook hier: 'n Groep swartmense is verlede naweek in Yeoville deur Skinheads aangeval. Op die volgende bladsye word die Suid-Afrikaanse Skinheads-verskynsel ontleed en word daar met van hulle gesels



Pic: SALLY SHORKEND

SA skinheads se wêreldwye tentakels

Die inhegtenisname van 'n Sweedse misdadiger en 'n gesamentlike ondersoek tussen die Suid-Afrikaanse polisie en die Sweedse polisie het die eerste bewyse gebring dat Suid-Afrikaanse skinheads noue bande met internasionale regse fanatici het, berig **PEARLIE JOUBERT**

Ná 'n regse fanatikus se moord op twee immigrante in Swede vroeër vanjaar het 'n bisarre verhaal begin gestalte aanneem wat wys dat die Skinheads in Suid-Afrika dalk ernstiger opgeneem moet word as net 'n groep gefrustreerde wit tienerjariges.

Dié Sweed, John Alexander Ausonius (39), het erken dat hy verskeie kere in Suid-Afrika was om met regse fanatici soos die Kerk van die Skepper en die Wêreld-Apartheidsbeweging kontak te maak en geld wat hy by 'n bank geroof het na dié organisasies te kanaliseer.

Die Sweedse pers het die regse aanvalder die "Laser Man" genoem omdat van sy eerste aanvalle gedoen is met 'n aanvalsgeweer toegerus met 'n laserstraal.

Die mense wat hy aangeval het, was almal immigrante uit Afrika en die Midde-Ooste. Drie van sy slagoffers is geskiet in 'n nagklub wat net deur immigrante uit Afrika bygewoon word. In die laaste van die reeks skiet-aanvalle is 'n pistool gebruik.

Ausonius is in Junie in Stockholm gevang en aangekla van verskeie bankroewe. Die Sweedse polisie het vasgestel hy is 'n bestuurslid van die organisasie WAM (White Arian Resistance Movement). Dié organisasie bestaan hoofsaaklik uit Skinheads wat betrokke was in verskeie gewelddadige aanvalle op immigrante in Swede. Ausonius is volgens Sweedse koerante self 'n immigrant van Switserse afkoms.

Toe begin die verhaal vorm aanneem:

In September vanjaar lig 'n visserman van Stockholm 'n pistool aan sy hoë uit een van die mere in Stockholm en

oorhandig dit aan die polisie. Forensiese toetse wys dié wapen is gebruik deur Ausonius, toe nog in aanhouding.

Ausonius erken daarop aan die Sweedse polisie hy het die immigrante met dié pistool en die aanvalsgeweer geskiet. Hy sê hy het die wapen in Suid-Afrika bekom. Hy sê ook van die geld wat in Swede gesteel is, is na Neo-Nazi-organisasies in Suid-Afrika gekanaliseer.

Die Sweedse polisie ontdek toe in Ausonius se telefoonboekie die telefoonnummers van Neo-Nazi's in Suid-Afrika. Onder die Suid-Afrikaanse organisasies wat in dié boekie verskyn, is die Kerk van die Skepper, die Wêreld-Apartheidsbeweging, die Wit Weerstandsbeweging en verskeie ander Neo-Nazi-organisasies.

Ondersoeke na die dood van twee studente van Pretoria, Jurgens Grobbelaar en Jurgen White, einde verlede jaar het gewys hulle was betrokke by die Kerk van die Skepper en lede van die Wêreld-Apartheidbeweging (WAB), die Nasionaal Sosialistiese Beweging en die Afrikaner Nasionaal-Sosialiste (ANS).

Nuuskerig soos altyd het ek ansluss gemaak. Dit het maar moeilik gegaan: my Duits was gebroke en verroes en die man met sy een been, twee krukke en Tiroolse hoed het dit duidelik gemaak hy is nie baie sosiaal van aardnie. Tog het ons naderhand so tuis met mekaar geraak dat ek dit uiteindelik gewaag het om hom te vra hoe hy sy been verloor het.

Aan die Russiese front as opgekommandeerde kind in die Tweede Wêreldoorlog, vertel hy my. Hy kom haal altyd sy oorlogspensioen in Füssen.

"Krieg und Kirche ... scheiss!" is sy verbitterde uitspraak. Oorlog en kerk is drek. Overgesetsynde: Maglus en dogma is drek.

Dié stukkie Germaanse filosofie het my diep beïndruk.

Ná die meedoënlose openbaring wat ek die laaste paar weke gelees het oor dinge waaroor ek so anders gekondisioneer is, het ek ook 'n besluit geneem:

Ek sal nooit weer Dogma met God verwar nie, nog minder elitistiese maglus met vaderlandsliefde.

NOG BRIEWE

REGSTELSEL 'N GEKKESPUL

DESMOND DICKSON VAN TOEKOMSRUS, RANDFONTEIN, SKRYF:

Wanneer 'n mens 'n misdryf begaan wat volgens die reg strafbaar is, word daar na verskeie faktore gekyk wat die vonnispleging in dié verband regverdig, byvoorbeeld die meganismes wat gebruik was, die motief en die aanleiding tot die misdaad - dinge waarmee die gereg hom besig hou.

Die persoon word dan in 'n openbare hof verhoor waarna hy totaal geïsoleer word van enige verdere misdrywe. In dié geval die gevangenis.

Hoe rym dit dan wanneer die persoon ten opsigte van oninbare skulde aangehou word sonder verhoor, sonder dat die skuldenaar ooit vooraf gedagvaar was om in 'n hof te verskyn en die rede daarvoor boonop aangeteken word as "minagting van die hof"? Wat is dan die misdryf as die aangehoudene weens onvermydelike omstandighede vertoef om sy skuld te vereffen en 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming en aanhouding summier deur 'n prokureursfirma uitgereik word sonder om eers die omstandigheidgetuienis aan te luister?

Watter mentaliteit is dit dan as 'n siviele skuldenaar sonder die tussenkoms van 'n hof, onder haglike omstandighede saam met gearde misdadigers vir 90 dae aangehou word?

Die onlangse vrylating van politieke en paroolgevangenes teenoor die aanhouding van siviele skuldnaars en ander minder ernstige misdadigers maak van die regstelsel 'n algehele gekkespul wat indringend onder die vergrootglas bekyk moet word. Waar word die grense verlê?

Ons, die ondergetekenes in aanhouding, verklaar dus onomwonde die volgende, dat ons:

1. Nooit enige skulde aangegaan ontken het en dus die nodige grasië aangevra vir afwisselende betalings geweer is;

2. Gevonnissen is sonder enige vooraf kennisgewing om in 'n hof te verskyn

3. Onder ondenkbare omstandighede aangehou word met onder meer beperkte besoekersregte, onhygiëniese toilet- en slaapperiewe, onvoldoende medikasie en selfs van verrotte voedsel voorsien word wat ongeskik is vir menslike gebruik, alles ter wille van werkloosheid en 'n swak ekonomiese toestand terwyl massamoordenaars met trompetgeskal in die samelewing terug verwelkom word.

Dié toedrag van sake is inderdaad 'n treurige refleksie van die tye waarin ons leef in 'n "nuwe Suid-Afrika".

Inderdaad 'n vreemde samelewing! (Die brief is deur 14 gevangenes onderteken. Dickson het as hul tussenganger opgetree.)

MY HART BLOEI VIR CARL HERMAN GOLDEN VAN CROWN GARDENS, JOHANNESBURG, SKRYF:

Ek kan dit sowaar nie glo nie! Dat VWB so kan te kere gaan en 'n hele berig moet afstaan omrede die "regeringsbeheerde" SAUK so min publisiteit aan arme ou Carljie van die ANC verleen. My hart bloei vir jou Carl!

Dat hy tog so belangrik kan wees om in hoër regeringskringe bespreek te word? Die minister wat ter sprake is, is seker ou Pik Botha. Hy het mos een aand, nadat Carl "gepraat" het, aanmerkings gemaak oor sy stroperige Afrikaans, of iets in dier voege. Hoewel dit onvergeeflik van Pik was om die man te speel in plaas van die bal, in ag genome die klomp stront wat Carl kwytgeraak het, sou ek dalk iets ergers kwytgeraak het op daai oomblik.

Maar dat julle darem nou so 'n moerse bohaai kan opskop omdat Carl se gesig nou so min op die TV verskyn - kom by man! Ons word elke aand gebombardeer met al wat 'n ANC-lid is.

Verder maak julle ook melding dat die regering se vennoot (dis nuus!) die Nasionale Pers, slegs negatiewe beriggewing doen oor Niehaus. Dit is nou waaragtig die grootste klomp kak wat ek nog gehoor het. Inteendeel! Was dit nie vir die berig in Rapport deur Hanlie Retief nie, sou ek nooit kon raai wat arme Carl al in sy lewe moes deurmaak onder hierdie NP-regering van die afgelope paar dekades nie. Deur Retief se berig het ek des te meer respek gekry vir Niehaus, en ek bedoel dit regtig. (So by the way - wat maak dit nou eintlik saak waar Retief se man werk, vir my part kan hy maar 'n boemelaar wees ook.)

Ek is genuïne 'n groot fan van VWB, maar soms maak julle my so die bliksem in as julle sulke eensydige klomp stront kwytraak.

NS: Wat die brief van Herman Lategan betref: Ek dink aan jou, en ek bid vir jou.

DIS NOU TYD VIR NUREMBERG-VERHORE

DR JOHAN F PRINS VAN NORTHCLIFF, JOHANNESBURG, SKRYF:

Indien ek in die huidige tydsvak 'n generaal was, of enige verwantskap sou gehad het met die SA Weermag of polisie, en die Nasionale Party-Broederbondbeheerde regering sou my vra om ondersoek in te stel na die sogenaamde "veiligheidsmagte" in ons land, sou ek uit selfrespek en integriteitsoorweginge geweier het om so 'n posisie te aanvaar.

Die feit dat genls Aalwyn Conradie en Pierre Steyn dit kon doen sonder enige gewetenswroeging, bewys dat hulle nie geskik is daarvoor om so 'n ondersoek te lei nie.

As iemand wat self gely het - gelukkig in 'n mindere mate as wat



klaarblyklik gebeur het in die geval van David Webster - onder die vuilspel van 'n persoon wat ek kon naspoor na 'n "invoer/uitvoer"-maatskappy wat gedui het om 'n front te wees vir ons "intelligensiedienste", wil ek selfs verder gaan, en dit onomwonde stel dat daar niemand in Suid-Afrika is (ingeslote regter Goldstone) wat geskik geag behoort te word om 'n ondersoek na dié sake te lei nie.

In my eie geval het ek gevind dat daar genoeg persone in ons polisie, staatsaanklaerskantore, prokureurs-generaal-kantore, kabinet, ja, selfs tussen ons praktiserende regslui is, wat sonder om te blik of te bloos lieg en bedrieg om onderduimshede van die "regte vriende met kontakte" toe te smeer.

Inderdaad het ek hul optrede so blatant-openlik ondervind dat dit vir my moeilik is om te glo dat daar 'n enkele regter of landdros kan wees wat nie bewus is van die oneerlikhede wat in die naam van "geregtigheid en beskerming van ons Christelik-Westerse 'beskawing'" toegelaat word nie.

Indien ons werklik 'n nuwe Suid-Afrika daar wil stel, waarin individuele vryheid gerespekteer word, behoort dit duidelik te wees dat sake só ver gegaan het, dat ons as Suid-Afrikanners dit nie meer op ons eie kan doen nie.

Ons met die Verenigde Nasies vra om 'n ondersoekspan te stuur, asook regters van die Wêreldhof om 'n Nuremberg-verhoor te hou.

Sonder 'n ordentlike skoonmaakproses sal enige toekomstige bedeling maar net 'n herhaling wees van die verlede met nuwe boewe in beheer.

Soos die ou mense gesê het: "Sagte hande laat stinkende wonde!"

WEES NEDERIG

JJ DE KLERK VAN ARCADIA, PRETORIA SKRYF:

Ek verwys na Helena van Pretoria se brief "so vernietig die polisie enige simpatie" (VWB 25 September). Baie van ons probleme lyk dit my is nie soseer die "Calvinistiese" respek vir gesag nie - nee, sonder dié respek vir gesag sou ons al lankal deur rebellie verskeur gewees het soos wat ons deesdae deur die rebellie teen alle waardes en norme begin ondervind.

Nee, die oorsaak is veel eerder by die arrogansie wat te lank volgehou het dat ons die slimste, beste, hardwerkendste en geseëndste volkie is, "veel beter as die korrupte en verlore ander volke van die wêreld". Die nederige sal verhoog word en die trotse sal aarde toe gebring word. Rebelle nie help nie. Verantwoordelike en nederige leierskap wel.

APPALLED BY ROTTEN ELEMENTS

P ROSSLEE OF KENSINGTON, JOHANNESBURG, WRITES:

I write this letter in view of my disrespect and disgust with the South African Police. On the evening of 16 November, at approximately 8.50 my gardener and his brother, who is visiting from Tzaneen, was confronted by two SAP men in a yellow Police vehicle.

The policemen were accompanied by a civilian man. They were accused of breaking into a motor car in one of the streets in Kensington. The policemen pointed firearms at my gardener and his brother. They were forced into the vehicle when they were taken to a deserted shopping centre, where they were once again assaulted. They were then told to run away which they did. My gardener was then caught again and made to jump a fence and run. They then let him go, did not charge him or put him into the cells at the police station.

I contacted the Flying Squad and reported the incident the same evening. They did send someone to my house to take a statement from my gardener.

I am appalled and disgusted by the action of some of the rotten elements within the police force. It is no wonder that the black people in this country distrust the police. This kind of action is totally unacceptable and I hope that these men will be disciplined in the correct manner. I would like to see more white people stand up and fight for the rights and protection of black people in this so-called new South Africa. If all people work together, black and white can create trust and make this country a better place to live. It makes you think.

Brolloks

VERTEL VIR ONS, TOE PIK

WAT weet Pik Botha van die moorde op Robert Smit en sy vrou?

Die Smits se dogter, Liza, sê in die jongste *Sunday Star* Pik het by die begrafnis van haar vermoorde ouers na haar gekom en gesê: "My God, kind, ek wens ek kon jou help, maar my hande is afgekap."

Liza sê ook kort voor haar pa vermoor is, het hy vir hulle gesê hy vrees vir Pik Botha se lewe.

Sy sê ook sy glo steeds haar ouers is vermoor weens 'n politieke skandaal waarop hy afgekom het. Robert Smit het aan vriende gesê hy sou iets ontbloeit wat "die land tot in sy fundamente sou skud" as hy eers tot die parlement verkies is. Liza self sê sy glo nie hulle gaan antwoorde kry solank die Nasionale Party in die regering is nie.

Pik, jy het nog altyd vir almal wat wou hoor, vertel dat jy 'n eerlike man is wat hom nie met sulke onderduimshede ophou nie.

As jy wil hê ons moet jou weer glo, dan moet jy nou aan Suid-Afrika sê wat jy weet van dié moord op een van die mees belowende politici van sy tyd en sy onskuldige vrou.

NOG ROTTE

Elke week spring daar nog rotte van die sinkende Nat-skip af. Dié keer is dit James Schnetler, LP vir Umfolozi, wat bedank het. Hy is die vierde NP-LP wat bedank die laaste paar maande, of is dit die vyfde?

Nou wanneer gaan die hoof-rotte soos Magnus en Hemus begin spring?

SCREWING FOR VIRGINITY

Now that Winnie Mandela has been removed from her post as head of the ANC's Welfare Department, the ANC has decided to restore their image. Robert MacBride has just been appointed as head of the ANC's regional peace desk...

BLONDE SEKSISME

Brolloks wil ernstig maan teen die huidige vlaag seksistiese grappe oor blonde vroue wat die ronde doen. Dié grappe stereotipeer vroue en hoewel dit as humor bedoel word, verskans dit tog subtiel die vooroordele jeens die vroulike geslag as synde dommer en swakker as mans.

Soos die jongste storie wat Brolloks veral aanstoot gegee het. Dit lui so:

What is a blonde's favourite nursery rhyme? Humpy Dumpmy.



KLAAR GEPRAAT

Magnus Malan se laaste klompie uitlatings oor of hy geweet het van Ferdi Bamard en die BSB of nie, laat Brolloks altyd terugverlang na dié spotprent wat Tinus Horn destyds gemaak het, met die onderskrif: Klaar gepraat...

EN TV SE ROL?

Nes 'n mens dink die SAUK het homself reggeruk, dan gebeur daar weer 'n ding wat die teendeel bewys.

Soos dié week met die herrie oor die Oranje, Blanje, Blou by die krieket in Bloemfontein. TV1 het die storie eiehandig opgejaag en meer tyd daaraan bestee as aan die Webster-verhoor of die Goldstone-kommissie. Twee TV-verslaggewers het voor die kamera op die krieketveld gaan staan en verskeie "ooggetuies" is aangery om daar met hulle te praat.

Selvs die Afrikaanse koerante wat gewoonlik histories raak as jy net die woord "landsvlag" uiter, was rustig oor die storie het dit kort en saaklik aangebied.

Die SAUK se rol was onverantwoordelik. TV het nou op eie houtjie die sensitiewe vlagkwessie weer op die spits gedryf.

Ons sal die plek binnekort goed moet skoonmaak.

Els dwing sportprofete na die kristalbal

sê TIM SANDHAM in dié week se Sportrubriek

TOE John Daly twee jaar gelede die Amerikaanse PGA wen, het golwe van opwinding deur die gholfwêreld getrek. Dié relatief onbekende speler het uit die niet verskyn en met 'n amper roekelose houding teenoor die gebruikelike bedeesde gholfgees homself die geskiedenisboeke ingemoker. Die Amerikaanse publiseitsmense het hom as die volgende Jack Nicklaus probeer voorhou. Hy't van die toneel verdwyn en eers onlangs weer met 'n oorwinning vorendag gekom.

Die versoeking om soortgelyke voorspellings te maak na Ernie Els se reeks oorwinnings in laasjaar se Sonskynreeks was byna onweerstaanbaar. Soos Daly is hy ook groot gebou, beskik oor 'n geweldige langspel en pak hy sy spel amper ongeërg aan. Sy aanslag op die Europese Toer is met groot afwagting dopgehou. Behalwe vir 'n uitstekende tweede plek in die Britse Ope, het hy in die algemeen nie uitsonderlik presteer nie. Dit het gelyk of hy dieselfde pad as John Daly sou volg.

Verlede week het hy egter weer die soort spel gelewer ('n klein insinkinkie in die laaste rondte nieteenstaande) wat sportprofete weer van vooraf om die kristalbal laat vergader. Waar Els egter van Daly verskil is dat hy, ondanks die eerste indrukke, baie meer finesse rondom die setperke het en oor die vermoë beskik om 'n briljante hou vanuit 'n swak posisie op te tower.

Sy aanvallende styl is egter wat hom so opwindend maak. Laasweek op die 18e toe hy slegs gelyk aan syfer moes speel om te wen, het hy losgetrek met 'n allemintige bofhou om 'n skitterende arend te behaal.

DIT IS NOGAL ironies dat M-NET in hulle reklameveldtog vir die Wild Coast Skins-toernooi gebruik maak van oorlogsmetafore (meer toepaslik op 'n swaargewig boksegeveg). Min beroepsgholfspelers lyk enigins soos 'n verwoestende kryger. Hulle lyk meer soos, wel, bleeksielige rekenmeesters, en, nou dat ek daaraan dink, is dit ook die mentaliteit wat hulle openbaar. Omdat die mededinging in beroepsgolf so straf is dat selfs die beste spelers nie altyd die afsnypunt haal nie, eis die top-spelers optreefoeie. Dis asof hulle sê: "Ek's die beste, die mense gaan kom kyk hoe ek wen, maar net ingeval dinge skeefloop, wat van so 'n paar duisend rand vooraf."

Die moontlikheid is dus sterk dat Ernie Els eerder aan toernooie in die buiteland sal deelneem waar hy 'n beter waarborg kry as wat hier die geval is.

Die beroepspelers het natuurlik 'n punt. Hoekom moet hulle toekyk hoe ander mense voordeel trek uit hulle talente?

Dan is daar die ander tipe wat jare lank aan die toer deelneem sonder om ooit besonder goed te vaar, maar wat veilig speel en meestal die afsnypunt haal. Omdat daar deesdae so baie geld op die spel is, kry die spelers in die laer posisies ook meer prysgeld en voer die spelers 'n baie goeie bestaan.

Die ouens kan, soos ander lede van die sakewêreld, nooit ophou om geld te maak nie. 'n Mens sou dink dat iemand soos Gary Player of Arnold Palmer 'n stadium bereik waar hulle sou sê: ek is te oud en te fabelagtig ryk om hiermee aan te hou. Hulle kan egter nie ophou, want daar is altyd nog geld wat gewen kan word en dit is die irriterende teenpool van opwindende gholfspelers soos Ernie Els.

AS BERIGTE WAAR IS dat die krieketowerhede opdrag gegee het dat die waai van die Suid-Afrikaanse vlag verbode is tydens die laaste dag van die wedstryd tussen die Indiese Toerspan en die SA Uitnodigingspan, lê daar moeilike dae vir SA sport voor.

Daar is 'n verskil tussen 'n gees van versoening en verdraagsaamheid, en 'n lamsakkige oorgawe tot manipulasie. Rugby en sy ondersteuners is sedert die berugte Louis Luyt/*Stem*-episode algemeen as (oorwegend blank) onsensitiewe boewe uitgebeeld terwyl krieket as 'n model van moraliteit geskitter het. Maak geen fout nie, ek is so bly soos enigiemand dat eenheid behaal is en dat ons nasionale span weer op die hoogste vlak meeding, maar kom ons wees eerlik en regverdig.

Die nasionale span en bestuur is oorwegend wit (en daar's nie 'n donker vel op die horison nie). Die toer word deur blanke maatskappye geborg en deur blanke ondersteuners en TV-dekking moontlik gemaak. Hel, klink nes die nasionale rugbyspan.

Wat gaan volgende by stadions verbode verklaar word? Miskien braaivleis, die boer in boerewors is sekerlik aanstootlik vir 'n hele paar mense? Miskien die wit uitrustings van die spelers? Wat van 'n paar Afrikaanse sportskrywers wat nie dink die verbod op die vlagswaaier is polities korrek nie?

Oor twee maande kom die span van Pakistan hier speel. Ek is bereid om 'n weddenskap aan te gaan dat g'n woord gerep gaan word oor die miskening van menseregte daar nie. In geval u nie weet nie, hier's 'n opsomming: die weeromtrek dreig om in te gryp, die hou van protesoptogte is verbode, lede van die opposisie word onvoorwaardelik in hegtenis geneem en die leier van die opposisie word onder dwang verwyder en onder huisarres geplaas in Karachi. Hel, klink nes die ou Suid-Afrika in die dae van die sportboikot.

Die hoogleraar se akademiese akrobatiek

Nadat hy prof Thomas Gouws, hoogleraar in Afrikaans aan die Universiteit van Bop, se professorale intrede onder oë gehad het, het 'n mate van neerslagtigheid oor **LIBERTYN** neergedaal

'N DEBAT oor Afrikaans tussen dr Louw Alberts van die Akademie en prof Thomas Gouws, hoogleraar in Afrikaans aan die Universiteit van Bophuthatswana, sou 'n skouspelagtige aangeleentheid kon wees. Dr Alberts, soos ons laas gesien het, beweeg moeisaam voort in die skubbe van 'n wetenskapopvatting van toet. Prof Gouws is 'n verteenwoordiger van die post-apartheid sagte sektor by uitstek.

In sy professorale intrede, "Paradigms Lost: Sense-Making Fictions in the Africanisation of Afrikaans", bou Gouws 'n betoog op wat enige welskape lid van die Akademie die stuipe op die lyf sal jaag. Ek gee u kortliks 'n indruk daarvan. Dit is die soort lesing wat nie meer as 'n indruk laat nie.

Die indruk wat Gouws van die geskiedenis van Afrikaans het, stel hy soos volg: "In the past Afrikaans had been a partner in the domination and hegemony of the Afrikaner status quo. (...) It established itself as a 'bourgeois language' on the subcontinent and, as a result, it failed for a

long time to adapt itself to Africa."

Vir Gouws het Afrikaans 'n instrument in die hande van Afrikanermag geword, 'n belangrike bousteen in die "paradigm of paradise" wat die Afrikaner vir homself probeer konstrueer het. "We know that the Afrikaans language has in the mouth of politicians, arrogant civil servants and unsympathetic law enforcers very often the aftertaste of gall."

DEEL VAN HIERDIE fasade van mag is volgens die hoogleraar die standaardisering van Afrikaans. Gestandaardiseerde Afrikaans was "a sense-making fiction of language used in order to retain the lost paradise of Afrikaner Nationalism".

"Afrikaner politics gave rise to the standardisation of Afrikaans, but it will also be responsible for its death," voorspel Gouws. Die vraag oor Afrikaans in Afrika het 'n belangrike "test brick" vir die toekomstige voortbestaan van die taal geword. Agter die geleerde en ongewone

Engels begin 'n paar dinge deurskemer wat vir Gouws eenvoudige waarhede is.

(1) "Afrikaans is demographic, cultural, structural and lexical part of Africa."

(2) Afrikaans was deel van die Afrikaner se droom van 'n wit paradys. Standaardisering het regstreeks uit die politiek voortgekom.

(3) Wat hierop moet volg, is 'n bevryding wat Gouws in apostoliese trant as noodwendigheid aankondig. "The time has now come [dis een van sy geliefkoosde uitdrukkinge], in the interest of the future of this language which we call Afrikaans, to let it be initiated into Africa. The first step in attaining this is the removal of standard Afrikaans." En verder: "The time has now come for teachers and professors of Afrikaans to once again invent and perfect academically a new Afrikaans, the Afrikaans spoken by the people, die nuwe Kombuisafrikaans."

EK BELY DAT 'n mate van neerslagtigheid by die lees van prof Gouws

se geesdriftige uitsprake oor my begin neerdaal het. Terwyl dr Alberts benoude spronge maak, is dit jolige danspassies en akademiese akrobatiek wat ons by die hoogleraar aantref. Die "sense-making fiction" van gestandaardiseerde Afrikaans en van Afrikaans as bourgeois en Europees wil hy vervang deur 'n ander fiksie: Afrikaans as "daardie heerlike kletsende taal van gemeenskap. Lekka, lekka ou Afrikaans!"

Inderdaad. Die leuses van die Departement Afrikaans by Bop is ook 'n samevatting van hierdie merkwaardige intrede: **Baby, laat ons sing en dans en crazy gaan in Afrikaans en Give Afrikaans a chance, ek sê mybra.** Gee ons die geleentheid, en ons sal julle wys hoe gemoedelik, hoe alomvattend ons kan wees.

In Gouws se pleidooi vir Kombuisafrikaans, aangebied in Kombuisengels, tree hy op as herout van 'n nuwe tydperk. Sy nuwe paradigma is die warm kombiese waarin 'n mens jou gereed maak vir die inisiasie in Afrika. Heerlike, kletsende gemeenskap sal blykbaar toereikend wees vir die kommunikasie wat ons in die toekoms gaan nodig hê.

Sulke bokkespronge voer 'n mens uit as jy in 1990 bekeer geraak het tot die insig dat 'n totaal nuwe geskiedenis in die land aangebreek het. Dat alles wat voor dan gebeur het, oorboord gegooi moet word. Dat ons almal lekker gaan byeenhurk onder die afdak van "Afrika".

Die gedagte dat die standaardisering van Afrikaans suiwer en alleen 'n produk was van die Akademie se poging om te help bou aan 'n wit Afrikaner-paradys, is 'n naïewe gedagte wat 'n mens nie hoop om by geleerdes aan te tref nie.

Wat moet die sprekers van Afrikaans doen as hulle Gouws se kombuis verlaat en min of meer saaklik en sinvol met mekaar wil kommunikeer? Akademie of nie, hulle sal dan 'n behoefte hê aan onderlinge afspraak oor hoe 'n mens taal gebruik. Die feit dat die Akademie Afrikaans gestandaardiseer het, beteken nie dat enige standaardisering uit die bese is nie.

INDIEN GOUWS standaard-Afrikaans afgeskaf wil hê, rus daar op hom die verpligting om te beduie hoe "Kombuisafrikaans" gestandaardiseer moet word om 'n taal te word waarin 'n mens meer kan doen as sing en dans en crazy gaan. Waarin jy regshandeling kan uitvoer, byvoorbeeld. Waarin jy jousef kan bemagtig.

Na my wete het nóg prof Gouws nóg enige ander taalgeleerde ooit 'n artikel geskryf in sogenaamde Kombuisafrikaans sodat ons kan sien hoe dit lyk en dit kan aanleer, of sodat Afrikaanse dosente 'n idee kan kry van dié Afrikaans wat deesdae gepropageer word as ons inlywing by Afrika.


Die rede hiervoor lyk vir my eenvoudig. Afrikaans is 'n taal wat nie aan die Akademie behoort nie, nie aan Europa nie, maar ook nie aan die lekker ou gemeenskap wat in prof Gouws se betoog moet deurgaans as "Afrika" nie. Die behoefte is aan meer "sense-making" en minder "fiction".

Afrikaans aan UWK

'n Opwindende Nagraadse Program

Honneurs en gedoseerde M.A.

Afrikaanse oratuur
Afrikaanse Poësie
Afrikaanse Taalstruktuur
Leksikografie
Koloniale Letterkunde
Kreatiewe Skryfwerk
Literêre en Taalwetenskaplike Teorie
Narratief binne Suider-Afrikaanse verband
Semantiek en Semiotiek
Sosiolinguïstiek
Suid-Afrikaanse Drama
Vertaalkunde



Universiteit van Wes-Kaapland

Rig aansoeke aan: Die Nagraadse Koördineerder,
Departement Afrikaans, Universiteit van Wes-Kaapland, Privaatsak X17, Bellville 7535.

Sluitingsdatum 15 Januarie 1993

We are

CANNIBALISM

The Last Taboo!

by Brian Marriner

Random House (R29,99)

"I can just eat you up", "Good enough to eat" and "Such a dish" could all refer to a subconscious desire for humans to devour other people, or so reasons Marriner in this bizarre account of the historical and contemporary significance of cannibalism.

Discussing whether man has any natural aversion to eating human flesh, some ethologists are quick to point out that no other apes are carnivorous, and that man has grinding teeth but no incisors for killing prey. Of course one explanation for man's sudden increase in brain power, in evolutionary terms, is that man learned to eat meat. Released from having to spend most of his time foraging for food, man's new high-protein diet drastically reduced the feeding time, and gave him enough time to plan the next kill. It is evidently not man's oldest taboo, it is his oldest diet. Any modern aversion was brought about solely by religion, which regards a dead body as sacred, to be used again in the next world, or the end of this one.

It is also interesting to note that bovine spongiform encephalopathy (BSE) or mad cow disease, was caused by forcing vegetarian cows to eat the offal of slaughtered sheep, and among some primitive tribes scientists have discovered that a form of madness similar to BSE has been caused by the practice of eating the brains of fellow human beings.

It's really just a dog-eat-dog world out there, and accounts of cannibalism for profit are rife. As late as the early 19th century human-flesh restaurants were common in China, and at the turn of the century, a German butcher in America melted the body of his wife in a huge melting vat at a meat plant, and sold her as sausages to the unsuspecting public. It reminds one of the sordid cases of Grossman, Haarman and Denke in Germany.

All three men were either cannibals, or turned their fellow citizens into unwitting cannibals during the period after the First World War. Proving the maxim that crimes should be viewed in the context of their time, all three men realised the importance of a basic commodity in a country that was economically as well as spiritually bankrupt. With prices spiralling and increasing shortages, these men utilised much of the homeless in order to feed the hungry.

WE CAN PERHAPS understand the eating of human flesh from necessity, however unpleasant the images which are conjured up. But it is a long way from being adrift in a lifeboat to being adrift in society. For some people this feeling of alienation brings out the worst in them, and they revert back to a primitive level of savagery. Although cannibalism is for example more rare than necrophilia, true cannibals - people who butcher people

simply for pleasure, are usually the epicentre of much controversy. Probably the most famous would be the Jack the Ripper murders of 1888, as well as Countess Elizabeth of Buthory, who in the early 1600s murdered some 600 young girls in the span of five years because she believed their blood would rejuvenate her. With an unquenchable thirst for torture and mutilation, she took a bath every morning at dawn in virgin's blood, while her servants were out scourging the neighbourhood for young blood.

More contemporary examples would include 26-year-old Anna Zimmerman, who first tried to strangle and then drowned her drugged lover, Josef Wirtz, before cutting him into handy saucepan-sized pieces with an electric saw, with her two small children in the next room. Most of the fifty-odd plastic containers in the freezer were utilised before she was arrested a month later in July 1981 for what could be termed a superbly utilitarian and economic way to deal with an unwanted lover.

Gary Heidnik, 43, was fond of playing with his food. He abducted six women and kept them in a dungeon as sex-slaves in March 1987. When he killed two of them, he fed them to the remaining women, mixed with dog-food and bread.

John Weber assaulted and raped his sister-in-law in November 1986, before making patties from her left calf. Then there was the girl who found her friend's decapitated torso in the bath of her flat, with her dismembered head staring at her from a pot on the kitchen stove. Her burly American boyfriend, Daniel Rakowitz, was tried in September 1989. Similar examples are recounted ad nauseum.

THESE ARE PEOPLE WHO operate outside the boundaries of human understanding, men who eat people for sheer pleasure. It is a crime which negates every normal civilised impulse. But note that "civilised"...

On 14 April 1992 Andrei Romanovich Chikatilo, a 56-year-old grandfather and retired literature teacher, stood trial for the ritual slaughter of 53 girls, women and boys over a twelve-year period. Chikatilo, named the Rostov Ripper, admitted to raping and mutilating the bodies of his victims, even disembowelling them on occasion, and eating parts of the bodies.

The character of Dr Hannibal "The Cannibal" Lecter in the film *The Silence of the Lambs* is actually based on the late Ed Gein, the grisly psychotic killer of 1957 who died in incarceration after 27 years of imprisonment. Gein also inspired the basis for the film *Psycho*. A reclusive man in his fifties, Ed Gein lived alone on a farm six

miles West of Plainfield, Wisconsin, when he was finally arrested. Two police officers who searched his house found an abattoir of at least twelve female carcasses in the kitchen, disembowelled headless victims suspended from the roof, together with human skulls on a shelf, a cardboard box containing human noses and on the stove, in a pan, the heart of his latest victim. Gein also had a macabre taste in furniture - human skulls were sawn in half for drinking vessels, a chair seat covered in strips of skin and a lampshade, waste-paper basket and drum made from human skin.

Gein was a sick individual, but the sanity of contemporary cannibals are not so simple to define. In Paris during June 1981 a serene 33-year-old Japanese man, Issei Sagawa, with a genius level IQ and a masters degree from the University of Osaka,

shot his Dutch girlfriend through the neck, cut her into thin slices and ate her. Sagawa has since become an established media figure and Japan's most infamous celebrity. This of course raises another extremely poignant question: The effect that overexposure to violence, and the establishment of violent anti-heroes, has on society.

MOST OF THE Jeffrey Dahmer murders for example, by the same self-perpetuating principle, were committed soon after the release of *Silence of the Lambs*. A true case of life imitating art, the Milwaukee Cannibal's apartment was raided by police in July 1991. They were met with swarms of flies hovering over the remains of at least eleven corpses. A soup pan on the stove contained human brains which had been simmered in tomato sauce. In the refrigerator were three human heads wrapped in cling-film, and hands and feet in another pan had apparently been boiled. A number of glass jars in the kitchen contained the genitalia of at least three men, all preserved in a saline solution. All the officers on duty had to undergo specialist counselling to help them recover from the shock. The police noticed that



there was very little actual food in the apartment, just one or two savoury snacks. It is claimed that Dahmer lived on the flesh of his victims. Over the years he had killed at least eleven men in his apartment, it was alleged, dismembering their bodies with a chainsaw and taking Polaroid pictures as souvenirs.

Seen as a disturbed loner at school, Dahmer always tried to be the class clown, but his sense of humour was cruel and dark. After dropping out of school he served a two-year stint in Germany at the US Air force base of Baumholder. German police are still anxious to question Dahmer about the remains of five mutilated murder victims found close to the base between 1979 and 1981. When released from jail a while later he was given a job at the Ambrosia chocolate factory in Milwaukee, and was eventually fired for absenteeism in the summer of 1991. *The Silence of the Lambs* was showing at the local cinema, and Dahmer went to see it.

ALTHOUGH REPORTS indicate that Dahmer began killing and eating his victims long before the movie was ever made or the novel written, most of his victims were butchered, cooked and eaten during the last six weeks prior to his arrest. *The Silence of the Lambs* was based on the novel by Thomas Harris and featured the work of the FBI's Behavioural Sciences Unit in Virginia (it is the first time that the FBI have allowed film-makers access to the Unit). The FBI were the first police force to study the serial killer, and according to them, Dahmer fits the profile perfectly. Their psychologists say a serial killer is likely to be a loner, possibly the victim of a school bully, and someone who constantly under-achieves his outward potential. The typical serial killer is white, unlikely to be able to hold down a job for long, with abnormal sexual appetites. Such a man would feel a compulsion to treasure trophies of his killings - exactly as Dahmer did.

Probably the most chilling aspect in serial killers is their apparent normality. Killers of this type usually look perfectly normal and have an impressive IQ and great natural charm. Jeffrey Dahmer, described by his neighbours as a pleasant, polite man, is a reasonably good-looking thirty-one-year old - clean-cut but unremarkable. A bit like a killer-shark in sheep's clothing. Serial killing forms part of our everyday lives, and for all you know, you might be working with a maniac, sleeping with a killer, or having supper with a cannibal. What's more, any human being is a potential mass-murderer. It is a part of our heritage, something we brought with us from the caves and which lives within us all underneath a thin veneer of refinement and morality.

To quote Dr Lecter from the movie: "You created me. All that talk about breaking away from the timid compromises of bourgeois morality, all those grand liberal gestures - all that sex wherever you looked I am the monstrous result."

And he has a point.

LOUWRINS POTGIETER

what we eat

Op 27 is Charles Fourie reeds een van die land se belangrikste dramaturge. Sy vroeë, absurde werke, *Grot van die Kaalkoppe* en *Pappegaai Vrou*, word maar van onlangs af eers na waarde geskat. Sy variasie op die verhaal van die keiser se nuwe klere, *Die Crazer*, laat Bartho Smit se *Die Keiser* flou lyk. Twee jaar gelede het die eerste van sy meer realistiese werke, *Diesel and Dust*, opspraak gewek op Grahamstad se hoofde. Toe eksperimenteer Fourie met filmiese effekte en musiek op die verhoog in werke soos *Rainbow Electric Roadhouse*. In vanjaar se Kampustoneel is sy boereklug-verwerking van Tsjehof se *Seemeeu*, *Die Eend*, die eerste Suid-Afrikaanse toneelstuk in 'n lang tyd wat uitblink. Dit word vroeg volgende jaar deur Truk opgevoer. Nou is Fourie se *Vrygrond* die eerste Afrikaanse teks wat die Amstel-prys wen.

wat nou nog oorgebly het, maar die res van die omgewing is heeltemal plat gestoot behalwe vir die Technikon. En dan kom die wind op en dan tel dit daai stof op en almal complain oor die stof. Maar dis nie net stof nie, dis soos as iemand verbrand word, jy weet, soos ashes.

So wat maak jy met jou dae?

Ek het nou saam met Ashraf [Jamal, dramaturg] gewerk aan hierdie ding, *Die Netwerk*. Ek het dit nie begin nie, ek is ook nie involved nie, ek het een play daar gedoen en ek mag dalk nog 'n play daar doen, jy weet. In die *Vry Weekblad* is daar geskryf dat ek en Ashraf nou hierdie plek begin het, nou sê mense ek het

Jy weet, watse waarde heg hulle daaraan? Foto's van die ma's - die hele trip. Anyway, toe doen ek dit en toe kom ek terug by die Beeld-kantore en skryf hierdie nice ding oor Nuwejaarsbabas en die hele konsep daarvan en ek lê dit voor. Toe begin hulle my vra hoeveel het die babas geweeg, wat is die ouers se name? Toe sê ek ek het dit nie neergeskryf nie. Toe sê hulle, maar dit is waaroor joernalistiek gaan. Toe sê ek maar ek het nie gewigte en mense se fokken name en daai soort kak nie. Toe sê hulle ek moet dit verander. Toe besluit ek nou loop ek.

Het jy 'n wilde childhood gehad?

Ja, nogal nè, nogal.

plakkers op gooi se grond

Die dramaturg **Charles Fourie** het verlede week sy tweede Amstel-prys gewen vir sy jongste stuk, *Vrygrond*. **Charl Blignaut** gesels met hom

Wat het jy gisteraand by die Amstel Awards gesê toe jy die prys kry?

Ek het nie veel gesê nie, um, ek't gesê ek moet nou seker in Afrikaans praat.

Wat is die stuk se naam?

Vrygrond.

Waaroor gaan dit?

Dit gaan oor plakkers. Swart Afrikaner-plakkers. En, um, dit speel in die Karoo.

Wanneer het jy dit begin skryf?

Man, ag, toe ek en Gerrit [Schoonhoven, regisseur] begin het met *Diesel and Dust* toe ry ons in 1990 daar in Western Area rond, toe gaan wys ek nou vir Gerrit hoe lyk die Western Area en die hele set up. En toe's daar so plakkerskamp langs die begraafplaas langs 'n dorp. That's where it started. En toe't ek die limits begin skat. Squatting. Die hele konsep van squatting.

Wie is die karakters?

Dit het vyf swart ouens. Drie swart vroue, 'n ma, 'n dogter en 'n jonger skoolmeisie. En dan die ma se seun, wat 'n comrade was en nou is die oorlog en alles verby en hy sit en kyk TV - hy kyk soaps. En hy't nie sy skool klaargemaak nie en hy kyk hierdie middag ekstra matriek-programme - wiskunde en aardrykskunde - en hy kyk dié goed en lees boeke oor reïnkarnasie en sulke goed. En sy suster, Florrie, is getroud met 'n swart ou - 'n security guard, hy't die regte pad gekies, jy weet, lank terug, en pas nou maar die witmense se goed op. En die stel is so 'n plakkershut en die hele setup langs die witmense se begraafplaas. Dan's daar 'n wit karakter... Hein wat daar sit, het my toevallig vertel van so 'n ou in Springbok wat op die myn gewerk het. Hy was die mynbestuurder en hy't eventually net totaal uitgedraai, hy't uitgebook, sy vrou net gelos en hom heeltemal onttrek uit hierdie community

en sy job gelos en vir hom donkies gekry en een van hierdie groot watertens en die watertenk buite die dorp naby die township gesleep en daarin gebly. Eventually het dit so geraak dat hierdie ou, as hy ingaan dorp toe, vir sy eie mense begin sê het "baas". So dis nou maar rofweg, jy weet, waar daai ou is, wat so in die begraafplaas squat. Deur die dag slaap hy en deur die aand suip hy en loop tussen die grafte rond.

Truk gaan nou *Die Eend* opvoer. Is jy bly?

Ja. Ek het mos nie kak oor Truk of die Mark nie... Ek align myself nie. Dis hoekom ek nog nooit agter die mainstream in beweeg het nie. Jy weet, ek stel nie daarin belang nie, want dan gebeur dit dat jy deel word van 'n artistic community en daai stream of consciousness... nou moet ons begin entertain of nou moet ons Grahamstad hierdie tipe van look gee of nou moet ons - jy weet, en almal wil... Nee, dis kak. So I don't align myself, ek skryf net.

Ek lees hulle sê jy's nou 'n heeltidse dramaturg. Is jy?

Ek het nou die dag nog in die kroeg gewerk as 'n bartender. Ek bedoel, watse ding is 'n full time playwright? Ek het nou nog 'n prys gewen, nou is ek skielik full time.

Is daar so 'n ding as 'n full time playwright?

Nee, ek dink full time playwright stink. Ek dink full time actors en full time directors stink.

Bly jy nou in die Kaap, jy't mos in Jo'burg gebly?

In Johannesburg gebly en in Vrededorp. Ja, ek's nou in Kaapstad, ek bly nou in Distrik Ses. Ons vee die stof uit die huis uit. Daar staan mos sulke huisies en goed

hierdie teater begin. So ja, daarmee was ek nou besig deur die dag, en in die aand my eie beligting gedoen, my stel en dit. Maar andersins, skryfgewys, ek skryf die hele tyd. Ek gaan nie in soort van stiltes in nie. Ek skryf goed vir koerante, skryf kortverhale, doen ook 'n interview of twee, just continually...

Wat maak jy met die geld wat jy nou gewen het?

Man, ek het 'n moerse klomp skuld. Ek sit nog met studieskuld.

Waar het jy geswot?

Potch. Ek het al vir almal briewe geskryf en gesê, kyk, ek het myself nou al bewys, iemand betaal asseblief my studieskuld vir my, maar niemand wil dit betaal nie. So ek sal seker die geld nou moet gebruik om dit te betaal.

Dis kak.

Dis kak. Maar dis fine, mens moet jousef nou en dan skoonmaak.

Are you settled into Cape Town, or don't you settle down?

Ja... ag, ek meen ek's nou maar settled, ek dink nie ek sal gou uit Kaapstad weggaan nie. Maar ek wil graag, ek wil graag oorsees gaan. Maar ek wil nie gaan om te gaan kyk of te gaan vakansie hou of so nie, ek wil met 'n play gaan.

Het jy ooit 'n vaste werk gedoen?

Ek het by *Beeld* gewerk vir een dag. Hulle't my aangestel, the whole works. Toe gaan ek die eerste dag... Dit was die tweede Januarie en my eerste opdrag was om 'n ding te gaan skryf oor Nuwejaarsbabas. Toe gaan ek uit en ek ry na al die fokken hospitale toe in Johannesburg, jy weet, gaan soek Nuwejaarsbabas. Toe kom ek by hierdie ma's uit en ek vra vir hulle hoe voel dit om 'n Nuwejaarskind te hê? Beteken dit vir hulle iets simbolies?

Waar, wanneer, hoe?

My ma-hulle het baie rondgetrek. Tot in standerd sewe was ek in dertien skole. Plekke soos in Koffiefontein op skool. Trek ek saam met my ma-hulle daar af en ons bly in die hotel vir so week en 'n half en ons wag vir die treklorrie om nou af te kom met die meubels en voor die treklorrie daar aankom dan besluit hulle nee, hulle gaan nou weer pad vat en ek is so week en 'n half in die skool. Tops gespin. Koffiefonteiners het nog nooit tops in hulle lewe gesien nie en ek het so sak vol tops. Later jare, toe's ek by Sukovs, toe gaan ons op 'n toer en beland ons op Koffiefontein. Toe gaan ek terug na die hotel waar my ma-hulle gebly het, toe stap ek in die kroeg in en gaan sit op die stoel in die hoek en bestel 'n dop. En die kroegman, dink hy's 'n Portugees of so iets, sê vir my, klim asseblief van die stoel af. Toe sê ek fucking OK, jy weet, en gaan sit op 'n ander stoel. En dis net ek en hy in die kroeg, toe vra ek hoekom ek nie op die stoel mag sit nie. Toe sê hy nee, dis Etienne le Roux se stoel.

En ná die dertien skole?

Toe's ek na Beaufort-Wes, toe's ek uit Beaufort-Wes uit en ek's standerd nege uit die skool uit. En gaan werk op die myn. Toe doen ek matriek met so korrespondensie-kursus en toe universiteit.

Jy't op 'n myn gewerk? Wat het jy gedoen?

Ja, in Stilfontein... Klerksdorp. Wel, ek het eers in Welkom in die myn gewerk, insulation gedoen, verkoelingspype ondergronds. En in Stilfontein het ek 'n leerling-mynerskursus gedoen. Na so twee maande toe vat hulle ons regtig diep af. Die plek was so 50, 55 sentimeter hoog en die ouens lê so op hul rûe en grawe, jy doen alles op jou rug of op jou maag. Nou die hele prinsiep van 'n leerlingmyner is dat jy so diep as moontlik afaan saam



Pic: SALLY SHORKEND

met die regte myners. Toe begin my neus bloei. Toe skrik ek. En toe's ek universiteit toe. Wel, ek's eers onderwyskollege toe, ek't besluit wel ek moet 'n beroep kry, toe's ek onderwyskollege toe vir vier weke en toe universiteit toe en ek het dit ook nie klaargemaak nie. So ek is vol van goed begin en goed nie... don't complete cycles - dis tyd mors, dink ek.

Vat wat jy kan en...

Ja, jy weet, beweeg, jy move. Daai hele ding van wat mense dink oor skryf, jy weet, kuns, dat jy begin op 'n punt en jy werk op hierdie ding wat iewers gaan uitkom. Beplan alles. Ek het dit ook getry en besef dit werk nie. Move, move, move.

Voel jy diep oor Kunstenaar wees?

Op 'n oppervlakkige manier. Soos in: ek vat die experience quite seriously, jy weet, ek vat die skryf self serious, maar dit kom meer uit die situasie. Die lewe is serious, but I don't go and sit and make diaries or notes oor hoe ek by sekere goed uitgekome het. Dis baie instinctive.

Hoe gebeur die skryf?

Uh, images... stories. Enigiets, ek gaan uit en ek leef. Maar ek bly buite die... Ek sien my plays skryf as skryf - nie as, jy weet... daar's 'n akteur en hy skryf een play en fokken wah wah wah, jy weet wat ek bedoel. Ek het nie 'n theatrical approach nie. Ek het dit gehad op universiteit toe ek nog 'n famous playwright sou wees. Dit gaan oor skryf and I take myself seriously in that context. Jy moet jou gedagtes pure hou. Ek gaan nie eens meer teater toe nie, ek gaan kyk nie eens

plays nie. Nie omdat dit my verveel nie of omdat ek nie goed daaruit gaan kry nie, mense doen amazing werk, maar dit maak die act, to spend lots of time with actors and directors and discussing those things, vat vir my die purity uit die skryf uit. Van karakters, van mense.

Wat is teater vir jou in dié stadium?

Sjoe.

Watse playwrights hou jy van?

Man, op die oomblik, laat ek ook eerlik wees, ek het ook so fokken lanklaas 'n play gelees. Toe ek op universiteit was en begin plays skryf het, I devoured everything that came into sight. Ek like die absurde ouens. Ek dink daai span playwrights van so turn of the century tot so voor die sestigs. Hier in die sestigs het die ouens al klaar hulself 'n bietjie begin verduidelik. By die turn of the century het hulle uit daai moerse omwenteling which we're moving into - en twee lekker wêreldoorloë. OK, die goed wat ek nou skryf, is baie explanatory. It's very conscious, alles het so fokken conscious geraak. Ek skryf nou al 'n lang ruk en taamlik suksesvol nè... But there's that fear of burning, nè, en dis 'n nice fear, dan dink ek ja, but I'm not really. Because society isn't burning, society is 'n fucking flou liggie... die substance lê daar onder en wag om ignite te word. I'm not really burning, I'm actually simmering. By the year 2030, maybe I'll be a full time playwright. Ons is gehook aan tyd. Ons kannie tyd ontsnap nie. Ons kannie daai reguit lyn ontsnap nie. We're going to go through a conscious-making process tot hierdie eeu klaar is, so that

we've got something to say: wel ons het nou lekker sense gemaak. En dan gaan goed begin uitspin. Jy gaan jou oorgang-playwrights hê - jou Tsjehof's, jou Strindberg's, jou Ibsen's... en dan kom die ouens, die Surrealists, die Absurdists.

Hoe oud is jy nou?

27.

Jy's al 'n paar keer getroud?

Twee keer.

Dink jy te veel?

Ja, te veel. Mense sê heeltyd: chill out. Ek is eintlik moerse rustig, ek gaan surf, ek gaan vang vis, ek gaan stap in die berg, ek gaan doen daai goed, maar obviously met ander konneksies. Ek gaan stap nie in die berg en dink... take it in nie. Ek dink wat gebeur met mense soos ons is ons gaan in 'n tangent of 'n ding in wat alles wat jy doen - die sielkundiges sal dit neuroties noem, of paranoia - jy's constantly besig om goed in konteks te probeer plaas. Jy beweeg op die outer limits, jy weet, jy't nie 'n map nie. Ek het nie 'n fokken map nie. Die fokkers daar binne het maps wat vir hulle sê, jy weet, van daar af kom dit en soontoe gaan dit. En ons mopenie maps hê nie, so ons gaan paranoïes wees en ons gaan neuroties wees en ons gaan bang wees en aan angste lei en drugs gebruik of suip of wat ook al, of totale health freaks word of wat ook al die case, jy's op die fringe.

Wat maak jou bang?

Um... uh... myself. Ek dink wat my bang maak, is reality. En non-reality. Gister is

hierdie girl wat saam met my afgekome het, haar broer en sy kind kuier by ons in die hotel en die TV was daar om 'n interview te doen. So ek gaan uit en ek stap in die Sandton Sun en ek koop goeters en ek kom terug en by die hotelkamers gebruik hulle nie sleutels nie, hulle het sulke goeters wat so inslip. En ek het toe nou nie 'n disc gevat nie en Alexander en haar broer het gewaai en ek klop en niemand maak oop nie en ek staan voor die deur en niemand maak oop nie en ek dog, fuckit, jy weet... daar, daai momente, dan kry ek moerse vrees en dink ek is nie real nie. This is not fucking real, ek bly nog dalk in Vrededorp en ek het besluit dis 1992 en ek moet hierdie award wen en het besluit ek stap Sandton Sun toe en ek stap na die kamerdeur toe... and you create that reality.

Is Vrygrond polities relevant?

In 'n mate. My personal journey is vry van die grond. Swart Afrikaners of plein Afrikaners wat die Amstel Engelse award gewen het. Dit het te doen met vry van die grond. I've got to stick with that continuum instead of trying to break down walls that are not there. Ek het met hierdie play daar gaan bly vir so twee weke in Milnerton se plakkerskamp. Dis half soos doelbewus going out to New York and writing a drug novel, daar uit te gaan om dit te skryf, dis taamlik pretensieus - hoekom skryf die ou wat daar bly dit nie? En dan besef jy as jy uitkom, it doesn't matter. Almal squat. Dit is my lyn - almal squat op God se grond. Dis asof jy realiteitsverskille wil sien tussen 'n shack en 'n drieverdieping-huis.

asem

weer die lewe in

Aromaterapie is meer as net massering met geurige olies. Dié olies streel nie net die liggaam en die gees nie, maar het talle ander gebruike. **ESMA ANDERSON** doen verslag

AROMATERAPEUTIESE olies ruik nie net lekker nie, dit het ook genesende eienskappe. Dié olie-ekstrakte van geurige plante word al eeue lank gebruik om mense te genees, as offers aan die gode en as parfuum.

Vandag is aromaterapie 'n bloeiende alternatiewe terapie, wat op allerlei verskillende maniere gebruik word om sekere emosies te stimuleer of kalmeer, en om byna enige siekte te help genees (van skilfers tot asma, swak bloedsomloop, reumatiek, dwelmverslawing en talle ander).

Dié middels word hoofsaaklik gebruik vir massering. Maar hulle word ook oor 'n kers verhit of in potpourri's gebruik om 'n hele vertrek te geur, by badolies of badsout gevoeg vir 'n geurige en genesende bad, op kussings en klere gesprinkel, en so meer. Elke ekstrak ruik anders en het 'n ander effek op die liggaam en die psige.


'n Mens kan selfs van die olies gebruik om insêkte weg te hou - suurlemoenolie word byvoorbeeld dikwels gebruik om vlieë af te weer. Jy kan dit op verskillende maniere doen: die olie oor 'n kers verhit, of gemeng met water oor plante spuit of versters daarmee afspoel - en weg is die vlieë.

Vandag put aromaterapeute uit bykans 4 000 jaar se versamelde kennis oor die eienskappe en vermoëns van aromatiese plante, en dié kennis word voortdurend aangevul soos dié olies al groter gebruik geniet.

Aromatiese plante is al teen 2 000vC op groot skaal deur die Egiptenare gebruik, hoofsaaklik as parfuum en skoonheidsmiddels, maar ook as bestanddele vir die merkwaardige bewaring van die mummies van Egiptiese heersers - vermoedelik weens die anti-bakteriese eienskappe daarvan.

In die piramides is verskeie potjies met aromatiese salwe, wierook en skoonheidsmiddels gevind, waarvan sommige terugdateer na omtrent 2 000vC, en papyrus-dokumente oor die medisinale gebruik van sommige van dié middels tydens die heerskappy van Khufu, wie se Groot Piramide omstreeks 2 800vC voltooi is. Sederhoutolie is ook dikwels oor papyrus-dokumente gesmeer om dit teen insekte te beskerm.

Dié Grieke en die Romeine het dié



Len Evans masseer 'n moeë lyf in die tent in sy rustige tuin. Foto: SALLY SHORKEND

gebruik van aromatiese plante later verder verfyn, maar eers in die tiende eeu het 'n Arabiese geneesheer die distillasieproses ontwikkel waarmee suiwer ekstrakte (aromaterapeutiese olies) vandag nog gemaak word.

DIE AROMATIESE MIDDELS het amper vergete geraak toe geneesheer chemiese middels begin ontwikkel het wat vinniger werk en sterker is. Aromatiese middels is toe nog net hoofsaaklik in boererate gebruik. Maar teen die einde van die 19e eeu is dié middels weer wyd gebruik, veral in Frankryk.

Veral die anti-septiese eienskappe van dié middels en hul vermoë om wonde vinniger te laat genees het weer 'n oplewing meegebring. Vandag word baie gepatenteerde anti-bakteriese en anti-septiese salwe van aromatiese plant-ekstrakte gemaak.

Drie Franse, die chemikus René-Maurice Gattefossé, die dokter Jean Valnet en die biochemikus Madame Maury het met hul boeke tussen 1928 en 1964, asook hulle individuele navorsing oor die genesende en skoonheidswaarde van dié middels, die hernieude belangstelling in aromaterapie aangevuur. In Maury se boek *Le Capital*

Jeunesse (die Engelse vertaling was getitel *The Secret of Life and Youth*), wat in 1961 gepubliseer is, het sy die masseringstegniek verfyn op grond van haar kennis van Chinese en Egiptiese medisyne. Haar bevinding dat dié middels ook intern geneem kan word, geniet egter nie baie aanhang nie omdat sommige van die middels gevaarlik giftig kan wees.

NIE NET DIE GEURE nie, maar ook die medisinale werking van baie aromatiese middels word steeds hoog geag. Presies hóé dit werk, is nog onseker, maar die filosofie van dié terapie berus, soos homeopatie, blomterapieë en akupunktuur, op die vrystelling van lewensenergie en die handhawing of herstel van ewewig in die liggaam.

Aromaterapeutiese massering word soms 'n sintuiglike wetenskap genoem omdat dit die versorgende en kalmerende kragte van aanraking en gevoel met dié van reuk kombineer. 'n Tegniek word gebruik wat veral werk op die senuwees en spiere en die onsigbare kanale van energie wat die Chinese meridiene noem. Die massering help om stywe spiere te ontspan, maar is sagter as tradisionele Sweedse massering.

DIE OLIES WORD deur osmose geabsorbeer en die senuwee-eindpunte word gestimuleer om genesing van die interne organe aan te help. Omdat die olies suiwer ekstrakte is, word dit vir massering gemeng met een of meer ander plantolies soos soet amandel, haselneut en vele ander.

Die reuk van aromaterapeutiese olies, word gemeen, beïnvloed hoofsaaklik die emosionele kern in die brein om óf 'n stimulerende óf 'n kalmerende effek te veroorsaak. Dit het weer 'n invloed op die dele van die brein waar die hartklop, bloeddruk, asemhaling, geheue en hormoon-vrystelling beheer word, sodat die liggaam gestimuleer word om homself te genees.

Dis dié dat die middels steeds aktief genesend of kalmerend kan werk as dit verhit word en die reuk deur 'n vertrek versprei. Aromaterapie, sê die kenners, help ook die liggaam om ontslae te raak van opgehoopte gifstowwe.

Maar 'n aromaterapeutiese massering is boonop 'n baie sensuele ervaring - wat 'n mens se lyf weer fris en vars laat voel. Die genesende effek van dié gevoel van welsyn moet nie onderskat word nie: omdat baie siektes verwant is aan stres en spanning kan dit 'n groot rol speel in die verligting van selfs fisieke simptome.

MIN AROMATERAPEUTE beweer egter dat hulle werklik kan genees - hulle kan slegs genesing bevorder, sê hulle. Len Evans, 'n aromaterapeut en instrukteur van Johannesburg, sê hy bied hoofsaaklik 'n veilige hawe vir mense om te ontspan en opgekropte emosies te laat ontlaai - om vir 'n slag weer hulleself te wees.

Die terapeutiese eienskappe van die verskillende olies is bekend, sê Evans, en jy kies die olie na gelang van die persoon se behoeftes. Maar, sê hy, aromaterapie berus op meer as dit: 'n mens moet ook die belangrikheid van 'n gesonder lewenstyl by mense tuisbring. Hy dring egter nie dié idees aan hulle op nie.

"Ek kan myself as voorbeeld bied en met hulle praat oor gesonde eetgewoontes. Verder hang dit alles van hulle af. Ek kan mense vir 'n rukkie help, maar as hulle nie gesonder gewoontes wil aanleer nie, is daar niks wat ek kan doen nie." Kyk 'n mens na Evans, moet hy 'n oortuigende voorbeeld aan mense stel. Hy is blakend gesond en lyk tien jaar jonger as sy 35 jaar.

In sy behandeling, sê hy, is aanraking die belangrikste. Juis daarom moet hy self heeltemal rustig wees, omdat hy maklik sy negatiewe emosies kan oordra na die mens op die masseertafel.

Hy doen die massering in 'n tent in die tuin. Die reuk van aromatiese middels vul die ruimte daarbinne, wat gerieflik en stemmingsvol ingerig is. Dit is belangrik dat mense iets van die natuurlikheid van die middels aanvoel, sê Evans. Daarom vermy hy die kliniese wit kamer waarin aromaterapeute gewoonlik werk. Vanuit die tent kan mense na die bome, blomme en gras buite kyk - en dit op sigself kalmeer hulle.

Christi speel pop

pap

JIMMY NAIL - GROWING UP IN PUBLIC (TUSK) Bose vroue is die probleem in Jimmy se lewe. En hulle is

oral - en al stry hy baie hard teen die versoeking, gaan dit maar broekskeur. Jimmy kry dit net nie reg nie. Hy maak tipiese Britse hoofstroommusiek - plek-plek wel met die hulp van mense soos George Harrison en Gary Moore, maar nie so dat dit enigins 'n noemenswaardige verskil aan die flou eenselwigheid van die musiek maak nie. Op plekke klink hy nogal baie soos Curiosity Killed the Cat, daardie designer band wat ca 1987 in die rondte was - hy's net nie sexy nie. **ELTON JOHN - THE ONE (TEAL TRUTONE)** Elton het nuwe hare en 'n nuwe lover - maar hy kan nog steeds nie musiek maak nie. "The One" klink bedrieglik baie soos "I Won't Let The Sun Go Down On Me", 'n George Michael/Elton John-ballade. Maar ek mag verkeerd wees: 'n ballade is 'n ballade is 'n ballade - die goed klink in elk geval almal dieselfde. Hy kan darem klavier speel.

sop

THOMAS ANDERS - DOWN ON SUNSET (RPM) Okay, vat een bestoppelbaarde maar mooierige man. Kry 'n paar mense wat vaagweg 'n idee

het hoe om synthesizers te programmeer. Kry 'n ou wat nogal weet van lirieke skryf wat veertienjarige meisietjies se hartsnare roer (saam met die sanger se looks, nou). Sit dit alles bymekaar en wat het jy? Ex-Modern Talking smeulende seks-sanger Thomas Anders se solopoging *Down on Sunset*. **MIKI HOWARD - FEMME FATALE (TUSK)** Sjoel! Daar's baie mense in die wêreld (en wesens nie van hier) waarvoor Miki baie baie baie lief is, hoor! O ja, en ook baie mense in die wêreld wat verskriklik lief is vir Miki. Sy skryf emosionele klein briefies vir haar broers, vriende, God, Spike Lee, haar tweejarige dogter, haar seuns en ene Mr & Mrs Emanuel I. Humes Sr. Maar dan is daar ook dié mense wat vir háár deernisvolle notatjies op haar kassetomslag gelaat het. Oor hoe "real" sy is, oor hoe "splendid" sy as skepping van God is, oor hoe talentvol sy is... ag, dit gaan net aan en aan. Die musiek weerspieël Miki se persoonlikheid volmaak.

rof

Definitief fataal - fataal vervelig. **JUDE COLE - START THE CAR (TUSK)** Mean, man. Dis Jude Cole: "Just wanna grab

you baby," sê hy. En hy vertel ons van mense: "There's a crazy lady with high-heeled shoes". En hy's introspektief: "Brokenhearted, I'm gonna drive through the night". Ja, Amerikaners hou van ry. Hulle het ook baie plekke om heen te ry. Ver afgeleë plekke. Jude wil ook net ry. En miskien moet hy - hy en sy kitaar en sy chick - net ry en ry en ry, die ewigheid in.

BAD4GOOD - REFUGEE (TUSK)

Vreemder en vreemder. Dié is 'n groepie seuns uit Brittanje. Die musiek is nie uitsonderlik nie: heavy metal met die



gewone dosis moroniteit, skrœuery, verwysings na chicks en bitches en partykeer lekker kitaar riffs. Bad4Good staan uit van soortgelyke groepe soos Motley Crûe omdat die oudste lid sestien is en die jongste elf. En hulle is heelwat meer gutsy as daardie fluffy head groep Def Leppard. Dis nou as hulle wel alles op die LP self doen - soos die omslag beweert **SHINEHEAD - SIDEWALK UNIVERSITY (TUSK)** Yo! Romantiese man, dié Shinehead. "Chivalry ain't dead," verseker hy ons. En hy waardeer dit regtig as 'n vrou nie "easy" is nie. Die musiek self is herhalende rap/hip hop en sluit 'n verwerking van Sting se "Englishman in New York" ("Jamaican in New York") in sowel as talle samples van liedjies van mense soos Johnathan (sic) Butler en Bob Marley. Sting het 'n beter

slap

stem maar Shinehead is one mean dude, man. **DEEE-LITE - INFINITY WITHIN (TUSK)** Deee-Lite hou van GoodFun, verkieslik

chemies geïnduseer ook. Hulle probeer nie statements maak nie - behalwe op songs soos "Rubber Lover", "Fuddy Duddy Judge" en "I Had a Dream I Was Falling Through a Hole in the Ozone Layer" - en ook nie hoge musiek pleeg nie. Die musiek drup deurgaans van lighartige hedonisme - mens moenie te veel verwag nie: net rave en rave en rave. (Een song staan tog uit: "Pussycat Meow", 'n ode aan daardie mees onchristelike inwoner van die gemiddelde voorstedelike huis - à la Camille Paglia.)

BLACK MACHINE - THE ALBUM (TUSK)

Energiek wriemel Black Machine tussen techno/house/hip hop. Weer eens is daar geen hunkering na grootse musikale kreatiwiteit nie: net groove baby groove - en hulle doen dit. **MADONNA - EROTICA (TUSK)** Teen dié tyd is dit al bekend dat Madonna 'n erg middelmatige en oninspirerende stem het en nie musiek kan maak nie. Dit verhoed haar egter nie om dit te doen nie. Soos die geval was met haar vorige LP, is daar 'n paar songs met 'n sekere tydlike sjarme: "Erotica" en "Bye Bye Baby". Daar is diegene wat dink dat sy, wat pop betref, goed is. Ja, miskien. So goed soos die ander name op dié bladsy. **VERSKEIE KUNSTENAARS - TECHNO-MAJIK (TUSK)** Holographic Funk? Not quite. Dié is jou sagter, meer luisterbare techno - en dis die haakplek. Techno is nie luistermusiek nie: hardcore, 'n variasie daarvan, is gekonsentreerde energiepolsinge - die ultimate teen 130-140 beats per minuut. *Techno-Majik*, daarenteen, bevat meer hoofstroom treffemateriaal wat neig na house - soos 'n remix van Alphaville se "Big in Japan" en "It's a Fine Day" van Opus III. Laat mens nou nie juis ekstasies nie, is ek bevrees.

CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

plant 'n boom

Daar's 'n perdeby aan 't lol in die huis en almal gryp na vlieëplakke en, diegene wat nog so omgewingsdodelik ingestel is, na die Doom. Maar wag, voordat jy die insek verpletter of vergiftig, dink aan die gevolge wat dié oënskynlik onskuldige daad van jou kan inhou.

Wildevye word deur niks anders nie as 'n spesifieke perdeby bestuif. Dit werk so: die vrug van die wildevy is nie 'n tipiese vrug nie, maar 'n aangepaste takkie met 'n holte waarin die manlike en vroulike blomme voorkom. Die vroulike blomme word eerste ryp. Wanneer die vy nog klein en groen is, skei die reeds volwasse vroulike blomme 'n chemiese stof af wat die vroulike perdebye lok. Dié perdebye dring die vy binne deur 'n klein gaatjie wat deur 'n reeks skubbetjies versper word sodat ander insekte haar nie kan volg nie. In die proses verloor sy haar vlerke en bestuif sy die volwasse vroulike blommetjies met stuifmeel wat sy, sedert haar geboorte en vormingsjare in die vy van haar jeug, in 'n spesiale holte in haar inseklyf rondra. Dan lê sy haar eiers in die vrugbeginsels van die blomme en gaan dood.

Die manlike perdebye broei eerste uit. Hulle het nie vlerke nie en verlaat die vy nooit. Al rol wat hulle in die lewe het, is om in die doolhof rond te kruip en die ongebore vroulike perdebye te bevrug. Daarna boor hulle 'n gaatjie deur die wand van die vy om as luggat te dien, en gaan dood.

Die vars lug stimuleer die vroulike perdebye om uit te broei en die manlike vyblomme om stuifmeel te maak. Teen die tyd dat die vroulike perdebye gereed is om die vy te verlaat, is die stuifmeel ryp. Die perdebye kam die stuifmeel van die manlike blomme af en vul die holtes in hul inseklywe vir latere gebruik. Dan verlaat hulle die vy en die hele siklus begin van voor af. Nadat die perdebye die vy verlaat het, word die vrug vinnig ryp en word deur talle diere geëet. Die wildevyssaad verteer nie saam met die res van die vrug nie en word deur middel van die diere se mis versprei.

Die lewensiklus van die perdeby duur omtrent twee maande. Die wildevye dra vrugte reg deur die jaar en dit verseker dat die perdebye altyd 'n groen vy kan vind om in te broei. Sonder 'n groen vy is die perdeby se voortbestaan in gevaar, en sonder 'n perdeby is die vy s'n ook in die weegskaal.

Bêre dus maar die vlieëplak, gooi weg die Doom, en maak oop die venster sodat die insek kan wegvlieg om haar ding te gaan doen. - RYK HATTINGH

harridans restaurant

at the market,
bree street,
newtown

tel: 838-6960

SAFE PARKING AVAILABLE

fyn proe nettie pikeur

WAT SOU ONS SONDER PASTA DOEN as die kinders dinosourusse moet kyk?

'n Wonderlike sakgrootte boekie genaamd *Uit-eet*, destyds vertaal deur Fitz Ferreira - ook nou saliger - in keurige Afrikaans, verduidelik Europese en Suid-Afrikaanse geregte se name en waarvan hulle gemaak is. Daarin lees jy van letterlik dosyne soorte pasta, en nog dosyne pasta-souse.

Paesana is byvoorbeeld 'n sous van sampioene, spek, tamaties, kruie en kaas; aglio e olio is gewoon met knoffel, pietersielie en olie; chittara, lamsvleis met rissiesous; Siciliana, met tamaties, zucchini, olywe, kapers, knoffel en ansjovis (a bit much, that one); asook die restaurant-gunsteling linguine vongole, dun pasta met gapermossels, uie, tamaties en knoffel. En so gaan dit voort, die een heerliker as die ander.

Vrydaggaande as ons moeg van die werk af kom, kook vriendin Nita spaghetti vir die kinders. Kolya eet dit net so, met baie Parmesan, hy is sewe en sy smaak is suiwer. (Hy het al gehou van piekeluie en olywe toe hy nog in doeke was.)

Thomassie moet gepor word om 'n lepelkje tamatiesous by sy pasta te eet, want hy is ook moeg en grootword is harde werk. Maar uiteindelik is die twee tevrede, magies vol, sedig voor die TV geparkeer met die dinosourusse.

Die grootmense eet die res van die pasta met 'n vinnige sous: Kap 'n ui fyn en braai in botter, voeg gekapte sampioene, gekapte zucchini en stukkie spek by, en giet soveel room oor as wat jy kan uitspaar. Geur met baie peper en tiemie, skep oor die pasta, en bedien met Pamesan as Kolya vir julle 'n bietjie in die bakkie laat agterbly het.

Dis nie dat ons veritaliaans het nie, maar lyk my pasta is die een vreemde kossoort waarvan Suid-Afrikanners werklik hou. Of dit nou hardgekookte macaroni-kaashompe in 'n afdelingswinkel se toustaan-eetplek is, of 'n bakkie fyn vermicelli met 'n seekossousie, ons hou van die sussende, vullende smaak, en die hemel weet, dis maklik om te maak.

Jou moeite kom by die keuse van pasta en hoe puntenerig jy is. Fatti's & Monis ken ons uit ons kinderdae, maar dis nie 'n topklas-pasta nie. Sommige grand Italiaanse name vir pasta is sommer plaaslikes wat hulle opgetooi het, en daar is te veel eier in, sodat die mengsel taai is as jy dit kook. As jy 'n nie-te-erg pastafreak is, koop jy jou tuisgemaakte ware by die Italiaanse winkel in Seepunt (signora is 'n treat op haar eie, hoor, en die winkel verkoop lekkernye soos grissini-stokkies, goeie kaas en 'n halfdosyn soorte olywe).

DIEGENE ONDER ons wat met geduld geseë is (dis hulle wat geelkoper en motors blinkvryf, boontjies met 'n lemmetjie kerf en drooggoonde opstook vir pottebak) maak hul eie pasta, met die meel en water en lakens en uitgerolde deeg wat oor stoele hang. As die gedagte jou interesseer, leen eers by iemand 'n pasta-masjientjie en maak een Sondagnmiddag jou eie. Jy sal gou agterkom of jy werklik R400 vir 'n pastamasjien wil uitgee, of jy van nou af pasta by signora gaan koop.

Tuisgemaakte pasta is natuurlik vreeslik lekker, met 'n werklik vars smaak wat jy met allerhande goed kan betower. Een van ons gunsteling by die incomparable Pina se restaurant in Groenpunt, is tagliatelle met brokkoli, olyfolie en fyngesnipperde rissies. (En mag ek hiermee weer hulde bring aan dié wonderlike vrou. 'n Besoekende Ingilsmen het eenkeer beweer sy maak lekkerder Italiaanse kos as wat hy in twintig jaar in enigeen van die talle larney Italiaanse joints in Londen geëet het.)

Marieke Hanbury-Tension was 'n Ingelse kok met baie flair en haar oorlye was vir ons 'n verlies. Ek maak al jare hierdie wonderlike mosselgereg wanneer ons op Melkbos mossels van die rotse kan gaan afhaal, en toe wonder ek nou die dag hoekom jy nie die sous met pasta kan voorsit nie. Natuurlik kan jy. Dis nou vinkeltyd - gebruik 2 of 3 bolle, want as jy hulle afskil, is daar baie vermorsing.

MOSSEL-EN-VINKELSOUS

Kook jou emmervol mossels tot hulle oopgaan en haal uit die skulp. Anders koop jy gebottelde mossels, heeltemal okay. Hou die water om mee te kook, maar proe vir sout.

Kap 2 uie fyn en braai in olyfolie. Skil 4 ryp uie af deur in kookwater te dompel en so te los vir 10 minute, en kap jou skoongemaakte vinkelbolle in fyn repies. Voeg ook 1 gekapte soetrissie by as jy wil. Voeg die vinkel en rissie by die uie, en dan die gekapte tamaties. Kook met 'n skoot witwyn asook 'n halwe koppie mosselwater tot jy 'n sous het.

Proe vir geur: Dalk 'n bietjie marjolein of basiliekruid, as joute al groot genoeg is, en 'n paar draaie swartpeper. Wanneer die sous reg lyk en smaak, kook jy pasta - tagliatelle is waarskynlik die lekkerste hierby - en voeg die mossels by die sous 10 minute voor julle opskep.

Jy kan die sous oor die pasta afsonderlik op elke bord opskep, of maak soos ons maak as daar te min plek aan tafel is: Gooi die sous oor die gedreineerde pasta in 'n groot erdebak, meng goed met 'n lepelvol Pamesan, en bedien met nog Parmesan aan tafel.

As jy die dag ryk voel, koop goeie vleis, en maak sommer baie, want hierdie pastagereg kan die menigtes kosgee.

SKULPIEPASTA MET SAMPIOENSOUS

Sny 400g goeie steak in fyn repies (dit help om die vleis eers vir 30 minute in die vrieskas te sit). Maak 'n klont botter en 'n skoot olie in 'n diep pot baie warm, en braai die repies vleis bietjies-bietjies daarin. Haal met 'n gaatjieslepel uit en laat dreineer. Braai 1 bossie gekapte sprietuie in dieselfde pan, en voeg 300g gekapte sampioene by. Nou moet jy dalk nog olie of botter byvoeg.

Geur die groente met uie, sout en peper, en voeg dan 'n halwe koppie room by. Kook vinnig, al roerende, tot die sousie afkook. Voeg die vleis by, maar moenie laat kook nie, anders word dit taai. Dit bly eintlik 'n roerbraai-affêre.

Intussen het jy van daardie oulike skulpiepasta - sowat 800g - gekook tot net gaar, gedreineer en in 'n warm bak gegooi. Giet die sous bo-oor - dis nie 'n lang sous nie, maar baie geurig.

Kap 'n bossie pietersielie fyn met 2 huisies knoffel en die dun skil van 'n halwe suurlemoen, en strooi 'n bietjie van die gremolata oor elke bord kos.

Die kinders hou daarvan om die pastaskulpies een vir een met die vingers te eet, en die grootmense kan die sous wat oorbly, net so met 'n lepel opslurp. Om die waarheid te sê, die pasta smaak die volgende dag net so lekker, opgewarm met 'n ekstra skeppie room en nog Parmesan.



skryf oor dié week se TV

DIE weerligstorm Dinsdagaand oor Johannesburg het die eerste kwart uitgedoof van *A City Discovered* (TV1), 'n gewyde program oor Sol Kerzner se nuwe tempel van toeristekitsch in Bop - en daarmee saam, te oordeel na die res, seker omtrent so 10 000 psalms, 25 000 gesange, 500 000 liter glansvernys, 60 silhoeëtte van die tempelrorings (swart teen 'n oranje sonder) en 12 hallelujas per sekonde.

Dié godsdienstige program het my onkant betrap want ek was eintlik maar net 'n oppervlakkige dokumentêr of, op die ergste, 'n uur se skaamtlose reklame te wagte. Toe die tempel se hemelse poorte (8 meter hoog van soliede gekeerde hout) voor my oopswaai, het ek dus eers gesug, want so vroeg in die week soek 'n mens 'n bietjie meer sekulêre vermaak.

Die stroboskobiese redigering het my egter gehipnotiseer. Sol se tempel het 'n kaleidoskopiese veelvoud van blink versiersels en bevat boonop 30 miljoen bakstene en van elkeen moes 'n beeldflits ingekry word.

Op die ou end is ek nogal meegesleur deur die begeesterde ritueel waarin Sol se tempeldienaars die glorie van hul paradys besing. Die Verlore Stad se mense vertel hul kitslegendes in 'n vreemde taal. Dit bestaan meestal uit syfers, syfers wat mekaar

'n Tempel vir Afrika

so vinnig opvolg dat die kommentator (wat terselfdertyd as hoofseker dien) net hier en daar kans kry om breedweg die tema te vertaal waaroor die loflied gaan.

Hy vertaal byvoorbeeld: "In die stad word Afrika onmiskenbaar weerspieël." Dan galop die syfersang: "25 000 vierkante meter geweefde Axminster-patroon tapyte", "n Italiaanse glaskandelaar meer as 5 meter in deursnee", "300 000 vloertëls in 38 skakerings van marmar en graniet, gelê op die tipies Italiaanse manier", "meer as 48 000 vk m kunsrots, genoeg om die hange van Tafelberg te bedek", en so meer.

As dit 'n bietjie paradoksaal klink, kan 'n mens jou verbeel hoe verward die tempelbouers aanvanklik moes gewees het toe hulle Sol se opdrag kry: bou vir my 'n replika (net baie blinker) van die dubbelpaleise wat eens so tipies was van Afrika se antieke nomadiese stamme.

In 'n vlugtige flits (tussen die Kaliforniese kokke en Mexikaanse muurskilders deur) som Trisha Wilson, nomadiese binneversierder uit Texas, die dilemma op: "Ons het ons probeer indink wat dié noma diese stam in antieke tye sou gebou het. Maar die argitekthe het met 'n splinternuwe orde van argitektuur vorendag gekom. Eers was ons naïef: ons het gedink ons sal gaan kyk hoe lyk ou paleise in Afrika. Maar daar was glad nie so iets nie. Snaaks, selfs die kostuums wat hulle in die ou dae gedra het - baie, baie jare gelede - was glad nie so grandioos soos dié plek nie. Toe skep ons maar 'n beeld van hoe dit eintlik in die outyd móés gewees het."

Die bekoring wat die kabbalistiese getalle duidelik vir die tempeldienaars inhou, het 'n mens laat wonder. Watter geheimenis lê opgesluit in magiese

inkantasies soos "genoeg tapyte om die vloere van 1 666 Suid-Afrikaanse woonhuis te bedek", "15 000 voorafgegotte vorms", "25 miljoen liter water", "100 hektaar gholfbaan" en "7 kilometer meeroewer" wat betekenis sou gee aan die gloed op die tempeldienaars se wange?

Op 'n gepaste hoogtepunt ná die koorsange spreek die hoëpriester Sol self toe die towergetal uit waarom alles in die tempel draai: drie miljoen besoekers per jaar.

"It's the scale that's gonna sell, it's the scale of what you have here that's gonna bring the 3 million visitors, it's the scale, it's the detail, it's what we've achieved here in terms of the artistry, the sculpture, the water-scapes, that's gonna bring visitors from all over the world."

Sol is sweerlik die reïnkarnasie van pous Julius II, wat op dieselfde manier geredeneer het toe hy in die Renaissance dié opdrag gee vir die bou van die St Pieterkatedraal in die Vatikaan: "Dit moet meer manjifiek wees as al enige bouwerk van die antieke Romeine."

'n Mens wil dalk meer vir Sol se tempel van glasvesel en kunsrots. Maar dit verteenwoordig, nes Julius se katedraal, die hoogste estetiese ideale van die kultuur van sy tyd. Dis nie sy skuld dat dié kultuur die Heilige Graal getransformeer het in 'n slotmasjien nie.

Die Verlore Stad som die laaste triomf van die verbruikerskultuur in 'n profetiese visioen op: 'n aarde bedek met beton en gholfbane, dié natuur gereduseer tot 'n dekoratiewe motief aan casino-muur en 'n paar krokodille in die poel by die dertiende putjie.

En die plakkershutte buite sig.



HOOGTEPUNTE

Volgende week op *MONITOR* (Maandag - Vrydag 6vm - 8h30vm):

- * Hoe verantwoordelik is kiesers om 'n nuwe Suid-Afrika te hanteer?
- * Dié noodsaaklikheid van openbare regsverteenvoordinging
- * Die Plutoniumskip - 'n storm in 'n teekoppie?
- * En heelwat meer agtergrond oor die nuus van die dag

RADIO-HOOGTEPUNTE OP AFRIKAANS STEREO:

Die taal wat ons praat
Tyd: Maandag om 11.30vm
Aanbieder: Henk Bierman

Ekoforum - Natuur
Tyd: Maandag om 7.45nm


Klankbord - Interessante persoonlikhede, menings en musiek
Tyd: Maandag om 9.15nm
Aanbieder: Susan Booyens

Dokumentêr: Wie is sy
Tyd: Dinsdag om 7.15nm
Aanbieder: Nic Swanepoel

Verbruikersforum - Verbruikerskwessies onder die soeklig
Tyd: Woensdag om 10.15vm
Aanbieder: Francois van Wyk

Bure - Interkulturele fokus
Tyd: Donderdag om 10.15vm
Aanbieder: Susan Booyens

'n Afrikaner IS SOMS BRUIN EN HY'S BAIE GEVAARLIK.



r a d i o s o n d e r g r e e n s e

'n Afrikaner kan 'n bul wees of 'n boer of 'n blom of 'n sakevrou of 'n rocksanger. Hy/sy bou van susbi en werk vir 'n Boerestaat of by eet bobotie en stem na links.

Jy kan die Afrikaanssprekende lankal nie meer vaspen nie. Sy bele wêreld is aan 't verander en hy loop blitsig saam.

Sy soort radiostasie moet die pas kan volbou. Dit moet vars en lewenskragtig wees; dit moet verskeidenheid erken en insig gee.


Bowenal moet dit sy taal praat.

Afrikaans Stereo tref die lug met 'n nuwe stem. Ons bied diepteprogramme, inbelprogramme, ligte musiek, klassieke klanke, godsdiens- en kultuurprogramme, stories en staaltjies.

Ons omroepers het bul dasse afgehaal en gesels in loslit-Afrikaans oor alles wat vandag se mense raak.

Ons dink onafhanklik en ons saai landwyd uit op 100/104 FM. Kom pak die bul by die borings saam met Afrikaans Stereo.





Lee by Vinassa

dousing the fire

Spike Lee's latest film, **Malcolm X**, opened last week.

ANDREA VINASSA went to see it and reports from America that Lee has turned the man into a wimp

"Richard Attenborough did a movie called *Cry Freedom* that was supposed to be about Stephen Biko. But that movie is more about Donald Woods and his family trying to get out of South Africa. So if Attenborough had done this film, the main character would have been a sympathetic white reporter and nothing about Malcolm X."

- SPIKE LEE in an interview in *Time*

"CAN Lee get out of his own way well enough to be specific and distanced about Malcolm X's

tale of stoicism and petty bigotry, the personally transformative effect of prayer, the self-reflective gaze of the truly isolated, one who was reviled, believed, feared?" asks the *Village Voice*.

Well no, actually. *Malcolm X*, the movie, simply doesn't have the X factor, the unknown quality that sucks you in and makes you forget where you are. I found myself reading the Exit lights quite often during Lee's monotonously reverential hagiography of America's least notorious revolutionary icon.

I'm sitting there thinking, "Come back, Oliver Stone, all is forgiven." While Stone

THE FILM, which Lee describes as "a spiritual journey... three hours and two minutes [the opening of which] should be considered a holiday for black people and their families," is conventional, mildly engaging and seems to be trying too hard not to offend anyone.

Oliver Stone, white as he is, preoccupied as he is with rehabilitating the male of the species, and adept as he is in exorcising blind rage, would have kicked some ass at least. I invoke Stone because Lee employs some of the techniques Stone used in the more radical *JFK*. *Malcolm X* is a curiously apolitical film, despite its inclusion of black-and-white footage of the beating of Rodney King, speeches by Martin Luther King and, (would you believe it?) Nelson Mandela teaching a class of Soweto schoolkids about Malcolm X.

Spike lost me in the first half - Malcolm's childhood, the murder of his preacher father by white supremacists, his mother's breakdown, the forced breakup of the family and Malcolm's attendance of an otherwise white school - is rendered in glossy soft focus and inserted as flashbacks within the sequences depicting Malcolm and his pal Shorty (played by Spike himself) loping around Harlem in zoot suits. These are equally glossy, lacking any of the grime and slime attending a life of petty crime. The cartoonish and buffoonish handling of Malcolm's early life as a dope dealer and seducer of white women - he was incidentally a brilliant dancer - are meant to tell us that Malcolm was a fun-loving dude, but serve only to diminish the impact of his road-to-Damascus-conversion to Islam.

Malcolm's incarceration in a spotlessly clean prison is also told in the hushed tones of someone too scared to raise his voice in a church.

Emotional moments are overlaid with sombrely elegaic cello and violin music, but there's scarcely any feeling registered on the screen. Lee never gives us an indication of what is going on inside the heads of his characters - one can't help noticing the make-up in the close-up shots, as if on set for toothpaste advertisements.

Lee fails to convey the quality which terrified white racists, inspired black muslims and eventually prompted his assassination. The key moment in Malcolm X's journey from naive scholar to hellraising rhetorician, from ferocious separatist to conciliatory force.

Lee's vision is that of an awestruck disciple too afraid to explore below the surface for fear of violating his master's privacy.

often errs on the side of excess, Lee's error is greater. He has turned the irrational, inconsistent, passionate, flamboyant, abused, enraged X into a reasonable, gentle, sweet... well, a wimp.

In his attempt to create father figures for today's generation of disaffected black men (women don't ever really feature much in Lee's world, except as sluts or virgins or mothers) he has castrated Malcolm X.

In comparison to the controversy generated by the making of *Malcolm X*, the final product is an anti-climax. Originally written by James Baldwin as a cinema vérité piece, *Malcolm X* retains only the cinema of the term. True as it is, in terms of facts and chronology, to the autobiography as told to Alex Haley, the fiery spirit of Malcolm X has been doused in the telling.

The Making of Malcolm X, as distinct from *Malcolm X* the movie, was greeted by an avalanche of aggressive press - "Spike Lee hates your cracker ass" (*Esquire*), "Do The Wrong Thing" (*New York Post*), "Spike's Pique" (*Vanity Fair*), "Spike Lee's X Factor" (*LA Style*), "We were gonna call [my book] 'X'... but I realised... it might look like I was copying Spike" (*Madonna*) - that goaded the old publicity machine. But since its opening last week, papers have been polite in their assessment of its cinematic merits. No bombs, no riots. Just queues buying tickets.

Leeway

for Spike and Malcolm

What if a didactic film really does succeed in teaching, asks US film reviewer **STUART KRAWANS** in *The Nation* after seeing Spike Lee's *Malcolm X*? Should we still dismiss its moralising?

SPIKE LEE was right when he told kids to play hooky to see *Malcolm X*. With this picture, he's turned the movie theatre into a classroom. The viewers are his pupils - and in case some are slow, he's put the schoolhouse right on screen at the end complete with a Special Guest Lecturer, so nobody misses the point.

As always, Lee provides treats for the eye and ear (the cinematography is again by Ernest Dickerson and is again gorgeous; the musical score is by Terence Blanchard). Also as usual, Lee directs with an intent to startle - though the surprises are less frequent and jazzy than in the past. Like a first-rate teacher following a lesson plan, Lee does what he must to keep the students alert, without letting his personality detract from the instruction. I thought of George Stevens directing *The Greatest Story Ever Told*: There's a similar sense of duty at work, both in the filmmaker and in the audience.

Now, it's conventional to mock films that want to make us better people; I do it all the time myself. But what if a film really does improve its audience? If you go to see *Malcolm X* (and of course you will) you will give up three hours and twenty minutes of your life in exchange for a better understanding of Malcolm and his place in history.

I don't care who you are or how much

you already know - this picture will make you wonder anew about the inside of Malcolm's head, and its outside too.

The outside is in fact the film's starting point. Our drama begins with the episode of Malcolm Little's first conk. The agent for this ritual of self-torture is a zoot-suited Boston hipster called Shorty, played by Lee himself - as is appropriate for a filmmaker whose first film was set in a black barbershop. How many other directors know that setting so intimately, or could invoke its smalltalk with such liveliness? The production design, the costumes, the camerawork, all establish that we are in Roxbury, circa 1941 - a setup that the proposed director of this movie, Norman Jewison, might have accomplished as well. But, to give you the feeling of Malcolm's world, you need the sound of authentic grousing and joshing from older black men and the sound of Shorty mixing the lye, while Denzel Washington emerges from the back room, a big shy grin on his open face and ingenuous bravado in his eyes as he prepares to have his hair made up to look like a white man's.

Two more conks follow, each at a significant moment in the story. Surely this must be the first epic film to pay so much attention to hair and its symbolism, unless you except *Samson and Delilah*, which maybe you shouldn't. The second major

doubt that this gormless character will appeal to anyone under 40.

As the actors strike poses, Lee uses Malcolm X's speeches to reflect the current debate around racial politics. Separatism vs integration into mainstream America, persecution of blacks by racist whites, the place of whites in the struggle, violence vs non-violence, and the lack of unity among blacks. All of this is presented in an awkward and disjointed montage form, and with Lee's customary essentialism. Things are always very black and white for Lee.

Perhaps this is why he fails to bring Malcolm X fully to life on the screen. For Malcolm X fits into no-one's simplistic, consistent scheme. The problem with *Malcolm X The Movie* is not that it pisses you off, but that it doesn't piss you off at all.

theme to emerge in *Malcolm X is Woman* - as brain-dead temptress (if she's white), as all-wise helpmate (if she's black), and sometimes (as in the case of Elijah Muhammed's concubines) as a troubling combination of the two.

Here's how Professor Lee links the topics: After the episode of the first conk, he cuts to a flashback from Malcolm's childhood: The Little house is under attack from the Klan. In voiceover Denzel Washington reads the relevant passages from *The Autobiography of Malcolm X*, about his father's boldness in preaching black pride and about one striking element in these sermons - the theory that black men hunger for white women because of a need to compensate for past hurts, to recover a sense of manhood. Cut to the big dance number at Roxbury's Roseland ballroom. Enter Sophia (Kate Vernon), a white woman who is simultaneously pliant and commanding, vapid and dangerous. Talk about X, the unknown.

SO WE GO from pain willingly heaped upon the head to pain shut up in memory to pain walking into the room in the guise of pleasure. Is your notebook in order? Then here's another example from the lesson plan:

Malcolm is at the Nation of Islam restaurant with Betty Saunders (Angela Basset) who is later to become his wife, Betty Shabazz. The two are cautiously flirting. Cut to a rapt Malcolm taking instruction from surrogate teacher, Elijah Muhammad (Al Freeman, Jr) who is babbling all manner of superstitious rot about



Denzel Washington as Malcolm X

male and female compatibility. When we cut back to Malcolm and Betty, they're courting over ice-cream sundaes, with Betty telling him he doesn't understand women. No, he doesn't - and the reason is now as clear as a diagram.

But Malcolm doesn't have time to think about it, because a brother Muslim now breaks into the scene to announce a crisis. Off Malcolm marches to the world of men, to be a leader. Only much later in the film (as in life) does he question the second father's theory of sex; and when he does, his faith in the Nation of Islam begins to crumble. Once again a scene is interrupted when a brother breaks in, this time with a suggestion that Elijah Muhammad has used and then discarded young women. This premonition of trouble reaches Malcolm just after he's addressed a big

rally where a banner proclaimed: PROTECT OUR MOST VALUABLE PROPERTY - OUR WOMEN.

Of course, Lee's been nearly this didactic before; but he's allowed more of a give and take, so that his films at their best have seemed like debates with himself. That's been true even when he's resorted to the use of signs and banners. Think about the dialogue about interracial love in *Do the Right Thing*. A medium-long shot shows you two people arguing in an alley, where somebody has scrawled the words TAWANA HAS TOLD THE TRUTH! Does Lee think so? Perhaps, but his opinion doesn't matter. The point is the film's characters live in a world in which people believe Tawana Brawley's story. Compare that moment to the scene in John Singleton's *Boyz n the Hood* in which Larry Fishburne, as the righteous father, makes a speech about black self-reliance and the need to fight against dispossession. The camera, at medium-close range, gazes up at him. Behind him looms a billboard, evidently put up by a company of rapacious Koreans: SEOUL TO SEOUL REALITY. Here the sign and the character both exist for a single purpose: to harrangue the audience.

IN MALCOLM X, Lee comes close to matching Singleton in heaviness of hand. The characters, apart from Malcolm himself, don't act out anything beyond their functions. The narrative, with few exceptions, leaves no room for spontaneity. (One moment of relief: Malcolm, working as a waiter on a train, suddenly imagines grinding a pastry into the mug of some complacent white idiot.) And yet, for all the schematising, Lee still allows the subject's contradictions to break through, rupturing the film's tidy structure from within. With Malcolm he portrays a man who continually transformed himself. With the Nation of Islam, he confronts a movement that preached black unity and then murdered its one great leader.

IT OCCURS TO ME that Malcolm inspires so much love today because he's human in scale. Dr King is not. "Kids can't get into that complete nonviolence stance," Spike Lee recently told an interviewer for *Newsday*. "They know the turn-the-other-cheek approach doesn't work." Exactly wrong. It did work when everything else had failed. But how can young people believe that, having come of age during the Reagan-Bush era, with its ethos of every man for himself (and let the women run for cover). Those were the years when Malcolm's popularity revived. At a time of extreme individualism, he offered a story about personal salvation, a political strategy that was indistinguishable from a code of conduct - and an anger that has come to sound like the voice of one man, instead of the roar of 22 million people.

Maybe that's why Spike Lee and Denzel Washington, however inadvertently, have held back from expressing Malcolm's full power. Or maybe it's the unintended result of too much reverence. I leave the question open for future generations of film students.

MARKET THEATRE

832-1641

AMAMPONDO
An Image of Africa

LAST 3 SHOWS

LAAGER THEATRE
832 1641

SINGING THE TIMES
The song of their lives as told by Patty Nokwe and written by Tu-Nokwe.
Starring : Patty Nokwe, Tu Nokwe, Marilyn Nokwe.
Directed by Barney Simon
Mon - Fri 8.15pm
Sat 6.15pm & 9.15pm
SPECIAL OFFER: MONDAYS TICKETS ARE R10.00

UPSTAIRS THEATRE
832-1641

PROPHETS ON THE BLACK SKY
Starring : Sello Maake, Thembu Mtshali, Owen Sejake
Directed by John Matshikiza
From 25 November
Mon - Fri 8.15pm
Sat 6.15pm & 9.15pm
SPECIAL OFFER: MONDAYS TICKETS ARE R10.00

KIPPIES
832 1641

24 - 26 NOVEMBER 1992
KALIMBA
(WEEKDAYS) R10.00
27 7 28
ALLEN KWELA
(WEEKENDS) R12.00

MARKET GALLERIES
22 NOVEMBER -
4 DECEMBER
PAINTING, SCULPTURE,
GRAPHIC, PRINTMAKING
AND DRAWING
By students of the FINE
ARTS DEPARTMENT, Wits
Technikon.

FLEA MARKET
Spend your Saturdays at the original Johannesburg Flea Market where you enjoy live entertainment while you browse bargain hunt in our exciting selection of stores.



Tu Nokwe in *Singing The Times*

egte afrika, bra

CHARL BLIGNAUT het *Singing the Times* in die Laager by die Markteater gaan kyk

TU NOKWE wou altyd haar ma, Patty, se storie vertel. Patty is in Natal gebore en is een van twintig kinders wat grootgeword het in die hart van Eshowe. Op vroeë ouderdom moes sy by familie in Durban gaan bly. Op skool daar hoor mense vir die eerste keer haar fenomenale stem, word sy mishandel deur 'n jaloerse stiefma, word sy gedwing om dag en nag te werk (vetkoek verkoop vir haar stiefma). Intussen sterf haar ma en later haar pa. Toe word sy ontdek deur Madame Davi, 'n Italiaanse opera sanger, raak verlief op 'n man en gee geboorte aan Tu en Marilyn. Die res is geskiedenis.

Singing The Times is dié verhaal en dit word deur middel van sang vertel deur Patty, Tu en Marilyn. Barney Simon het die regie behartig en Hugh Masekela het saamgewerk aan die musiek.

Dis 'n unieke en ongewone opvoering. Van die stel tot die uitvoerings is dit egte Afrika, natuurlik, rustic, ru en onpretensieus. Die drie vroue op die verhoog het siel in hul stemme en hulle vul mekaar goed aan, van Patty se rustigheid tot Tu se uitbarstings van energie. Baie van die lirieke is in Zoeloe en 'n wit gehoor moet op plekke maar net probeer die vibe vasvang.

Barney Simon se regie is opsetlik kru. Hy weerhou hom van die versoeking om die verhaal te verglans met 'n wit, mainstream benadering. Rough edges and ethno-authenticity, bra.

Die show se sterk eienskappe is ook die swakkes. Die benadering kom soms eendimensionaal voor, die verhaal toon 'n gebrek aan struktuur en die vernaamlikheid moet soms toegee aan etniese purisme.

Maar *Singing the Times* is sonder twyfel die eerlikste, mees unieke opvoering wat nou op die planke is. Gaan kyk.



Drie en twintig jaar gelede het Patrick Mynhardt *A Sip of Jerepigo* in dieselfde formaat en lokaal in die ou Johannesburgse Stadskouburg opgevoer. Nou open hy die gerestoureerde Pieter Roosteater met dié opvoering.



Brigid O'Mara and Pinto Ferreira

loping, muttering, spitting, posing

That Scarlet Woman is on Downstairs at the Wits Theatre. **CHARL BLIGNAUT** encounters his first Gothic cabaret

IT'S good to see there are still some people around crazy enough to be probing the boundaries of theatre. *That Scarlet Woman* is certainly the least conventional show on circuit. It's a movement and song experience that explores the nameless conditions that exist between the games and the honesty of passion and it transposes the modern by shifting to the Baroque. Or, as Jeanette Winterson says, "Somewhere between the swamp and the mountains. Somewhere between fear and sex. Somewhere between God and the devil, passion is and the way there is sudden and the way back is worse."

The show is directed by Cecile Dürr and features Brigid O'Mara and Pinto Ferreira on vocals, Ferreira's choreography, and a group of movement artists and actors. Pretty young performers in bright costumes throwing themselves around, stumbling, loping, smoking, drinking, muttering, spitting, posing, stripping, flashing, fleeing.

THE WHOLE THING goes down with reckless abandon. The structure is non-existent, the direction is an honestly muttered aside and the music is crude. It can hardly be labelled a good show. But at the same time it breaks down boundaries. Ferreira's choreography impressed at the Dance Umbrella, but now it really soars and staggers its way to some of the most exciting contemporary status in the country.

O'Mara's voice makes up in pitch what it lacks in range and her "Wuthering Heights" and "Hansel and Gretel are Alive and Well" (and living in Berlin) are great. Ferreira only does two songs, and they've got bravado. He's a unique performer, pushing to the limit where you think it's going fuck out, but then pulling it off.

The rest of the cast, Janine Lewis, Karin Gouws, Elu Keiser, John Goddard, David Dukas and Mark-Elliot Sykes catch the spirit of the movement with energy and attitude and stretch themselves consistently.

The show needs to define its approach and tighten the punch to really work, but if anyone in this place is interested in experimental work, then go and have a good look.



Farina (Guiseppe Cederna) en Vasilissa (Vanna Barba) eet kersies in die paradys

militêre misfits en 'n donkie genaamd Silvana

